JM Coetzee, 26
The Singing Game, 36

Vrye Weekblad

2 - 15 APRIL 1993 R3,00 (BTW INGESLUIT)

ANGOLA: 'n ooggetuie-verslag

Daar's 'n dinosouriër in jou agterplaas!

'n Handewassery oor Pilatus

Die hart van die bruin politiek

VOLGENS KAAPSE AKTIVIS JOE MARKS

INHOUD N° 216

2 - 15 April 1993

Voorbladfoto: TERRY SHEAN/Sunday Times

10 -12 Die dinosouriërs word al hoe vriendeliker. Die ou grotes van die oertyd was nie so kil soos baie mense dink nie, skryf **INA VAN DER LINDE**

13 & 14 Joe Marks was in die stormagtige tagtigerjare in die Kaapse politiek 'n simbool van die bitter stryd teen apartheid. Maar Marks het nou uit die ANC en SAKP bedank en by die Demokratiese Party aangesluit. **SYLVIA VOLLENHOVEN** het met hom gaan gesels

19 - 21 The best thing about Angola is that people just keep on living their lives, and doing their best, despite the horror that surrounds them, writes **HAMILTON WENDE.** But even the millions of good people living their lives with simple courage and hope do not dispell one's despair for the country's future

24 & 25 **JOHANNES BRUWER** kyk na die oorsigtentoonstelling van Neil Goedhals se werk in die Gertrude Posel-kunssaal by Wits, saamgestel deur Michelle Jersky en Rhoda Rosen

Van die Redakteur se Lessenaar

Vrye Weekblad sal nie op Goeie Vrydag, 9 April, verskyn nie. Ons volgende uitgawe is op Vrydag 16 April. Ons wens ons lesers 'n veilige en aangename Paasnaweek toe.

AKTUEEL

4 DIÉ WEEK
8 ONDERHANDELINGE: DIE UUR VAN WAARHEID HET AANGEBREEK
9 DIE BROEDERBOND GAAN VOORT MET SY STREKE
15 MINISTER WAS SY HANDE OOR PILATUS

INTERNASIONAAL

18 MEXIKO: DIE EINDELOSE SIRKEL

RUBRIEKE & MENINGS

3 VRYDAGOGGEND
22 BRIEWE VAN ONS LESERS
27 BROLLOKS
32 NETTIE PIKEUR EN PLANT 'N BOOM
33 KLIPOOG ON THIS WEEK'S TV

BOEKE

26 HANS PIENAAR OOR JM COETZEE
27 JEANNE GOOSEN OOR SKRYWERS, BOEKADVERTENSIES EN GLANSTYDSKRIFTE
28 LIBERTYN OOR DIE AFRIKAANSE WOORDELYS EN SPELREËLS

KUNS EN VERMAAK

29 HILARY BLECHER IS TERUG IN DIE LAND
30 CHARL BLIGNAUT TALKS TO SUE PAM-GRANT
34 TEATERRESENSIES
35 CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN AAN RANDY CRAWFORD SE VOETE
36 ANDREA VINASSA OOR THE CRYING GAME
37 RESENSIES VAN BLADE RUNNER EN SNEAKERS
38 VRYE KEUSE EN ROLPRENTGIDSE

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike nuustydskrif wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk
(Reg. No. 88/40168/06).

WENDING PUBLIKASIES BEPERK EN VRYE WEEKBLAD SE ADRES IS:
Breestraat 153, Newtown, Johannesburg.
POSADRES: Posbus 177, Newtown 2113.
TELEFOON: (011) 836-2151
FAKS: 838- 5901

PRETORIA-KANTOOR (012) 83-4879

REDAKTEUR: Max du Preez
ASSISTENT-REDAKTEURS: Andrea Vinassa (kuns), Ina van der Linde
POLITIEKE KORRESPONDENT: Hennie Serfontein
SUB-REDAKTEUR: Ryk Hattingh
KOPIEREDAKTEUR: Johannes Bruwer
ONTWERP: Anton Sassenberg
VERSLAGGEWERS: Christelle Terreblanche, Esma Anderson, Wally Mbhele, Charl Blignaut, Christi van der Westhuizen, Virginia Keppler
OMGEWINGSKONSULTANT: Tienie du Plessis
REDAKSIE-ASSISTENT: Nicolette Viljoen
FOTOREDAKTEUR: Sally Shorkend

FINANSIËLE BESTUURDER: Mark Beare
BESTUURDER (BEMARKING): Lilie van der Walt

KANTOOR-ASSISTENTE: Joseph Moetaesi, Vernon Zulu

so sê hulle

"I have a feeling that people like machines better because they don't have to talk to people".
Nobue Kolke, *a Japanese farmer's wife in Osaka who owns a vending machine that dispenses vegetables to passersby.*

"I'll bet you wouldn't be smilling. I don't know what would happen to your pants, but I can imagine."
Maryland Gov. **William Donald Schaefer,** *who demonstrated his frustration at the state legislature's failure to pass a gun-control law by poinying an unloaded semi-automatic pistol at a reporter during a news conference.*

"Everyone's trying to get his Mercedes fast."
Marusz Zlomecki, *editor of a new Polish magazine called Cash, on the newfound entrepreneurial spirit in his country.*

"I must have a prodigious quantity of mind, it takes me as much as a week sometimes to make it up."
Mark Twain.

"Ek sal bedank as hulle kan bewys ek het nie my pligte nagekom nie; indien ek sou geweet het daar is iets verkeerd in my departement, en nie opgetree het nie."
Piet Welgemoed, *Minister van Vervoer.*

"Suid Afrika se mense het my steeds lief. Ek kan dit nie vir jou beskryf hoe hulle na my konserte stroom nie."
Bles Bridges, *by 'n veiling verlede week.*

"'n Nuwe Kultuur van onderhandelinge word ontwikkel om seker te maak daar is ware deursigtigheid in die onderhandelingsproses... Besluite wat die land se toekoms raak, sal nie langer in rookgevulde kamers bespreek word nie. Die media (en dus die publiek) sal deel van die onderhandelingsproses word soos dit hom ontvou."
Cyril Ramaphosa, *sekretaris-generaal van die ANC.*



Dov Fedler in *The Star*

het jy geweet?

Byna alle stad- en landkaarte van die voormalige Sowjet-Unie wat van die dertigerjare tot 1988 aan die publiek uitgereik is, is vervals in opdrag van die veiligheidspolisie. Paaie en riviere is verskuif, belangrike strate is onakkuraat aangedui of eenvoudig weggelaat, ens - glo om beskerming te bied teen spioene en lugaanvalle.

Die wydste stedelike straat ter wêreld is die Monumentale As wat in 1960 in Brasilië se hoofstad Brasilia voltooi is. Die straat is 250 meter breed, 2,4 km lank en verbind die Munisipale Plein (plaza) met die Plein van die Drie Torings.

vrydagoggend
MET **MAX DU PREEZ**

Ons is nie net 'n land van stede nie

EK het laasnaweek 'n bietjie in die diep Vrystaatse platteland gaan kuier. Dit was nogal 'n openbaring, want soos verwag kon word, het dit nie lank gevat nie voor die gesprekke na die politiek gedraai het.

Die "Nuwe Suid-Afrika" is vir die boere en die witmense op die platteland 'n bietjie soos 'n maagd - hulle hoor net daarvan, hulle sien dit nooit. Dit is 'n verskynsel wat meestal beperk is tot die TV-skerm of tot die bladsye van koerante. Dit beteken natuurlik nie dat hulle nie graag daaroor praat nie.

Ek het vir wit boere gaan kuier en my ervaring was dus meestal tot hulle houdings en sienings beperk. Maar die bietjie wat ek met swart plattelanders te make gehad het, sê vir my die Nuwe Suid-Afrika bestaan nog minder vir hulle - vir hulle is dit net iets waaroor politieke aktiviste praat en waarvan hulle oor die radio verneem.

Ek het self op die Vrystaatse platteland grootgeword, maar deesdae kyk ek met 'n Johannesburgse stadsoog na dié wêreld. Ek is verstom hoe min die lewe op die platteland verander het, en hoe ingrypend die stedelike samelewing van dié in die platteland verskil.

Maar as 'n mens verwag het die witmense op die platteland, of dan minstens dié dele waar ek gekuier het, is diep verdeeld tussen 'n meerderheid bittere KP's en AWB's aan die een en 'n klein groepie Nasionaliste aan die ander kant, dan het jy ook dié wêreld verkeerd verstaan.

BY DIE BRAAIVLEISE en sosiale geleenthede waar ek was, het Nat, KP en AWB gemaklik as ou vriende en bure gemeng - en was die verdeling so min of meer om die helfte. Vir baie is die verskille tussen hulle 'n amper hipotetiese een - net iets om oor te argumenteer. Seker omdat daar nie meer wit verkiesings gehou word nie, en omdat die nasionale politiek so ver van hulle net in Johannesburg, Pretoria en Kaapstad gevoer word.

Die warm argumente wat ek wel aangehoor het, was meestal oor droogte-hulp, die melkkwotas, die waarde al dan nie van die stelsel van boere-koöperasies, en die bestaan of afskaffing van landbou-beheerrade.

WAT DIE MEESTE witmense wat ek ontmoet het, gemeen het - selfs die Nasionaliste - is dat daar na swart werkers verwys word as "kaffer" en "meid". Hulle gebruik die terme amper asof daar niks snaaks of rassisties aan is nie; amper soos ek sou praat van "Amerikaners". En natuurlik word alle witmense steeds as "baas" of "miesies" aangespreek.

Ek kon geen getuienis sien dat swart werkers wreed of sleg behandel word nie. Maar daar is 'n oorweldigende paternalisme wat 'n mens naar maak. Selfs 'n jong seun sal 'n swart grysaard behandel asof hy 'n kind is. Daar is geen poging om die verhouding tussen wit en swart op die platteland aan te pas by die veranderende tye nie. Die swartmense bly 'n onbeskaafde, onintelligente onderklas wat moet werk en hul plek moet ken.

Ek het dit so 'n bietjie aangeroer met van die mense, en hulle was verstom oor my naïwiteit. "Nou wil jy hê ek en ou Klaas moet saam in die voorhuis sit en koffie drink en praat oor die weer en die politiek?" vra een boer my. "Hy wil self nie daar wees nie, man, hy voel nie tuis daar nie. Hulle is ongeletterd en hulle kultuur en gewoontes verskil van ons s'n soos dag en nag. As ons dié verhouding verander, gaan ons hulle net verwar, en op die ou einde gaan hulle waarskynlik nie meer wil werk soos hulle nou werk nie. Dan speel ek bankrot en hulle sit sonder kos of blyplek," sê hy driftig.

'n Paar uur later bekyk ek vir Klaas en Miena en die ander waar hulle aan die werk is. Ja, hulle is baie anders as hul werkgewers. Hulle is eenvoudige, ongeletterde mense. Hulle sal waarskynlik nooit sosiale vriende kon wees met hul werkgewer nie. Maar dit sê nie die boere kan nie 'n gesonder en gelyker verhouding met hulle begin bou en hulle meer deel maak van die plaas nie - hulle is immers daar gebore, en hy het die plaas maar agt jaar gelede gekoop.

Ek en die boer praat later weer oor die saak, dié keer meer rustig. Hy kyk my ongelowig aan as ek vertel van my swart kollegas by die koerant wat eweveel seggenskap as enigiemand anders het, en wat boonop persoonlike vriendskappe met van hulle wit kollegas het. Ek vertel hom van my swart buurman en my gemaklike verhouding met swart politici van die ANC en PAC.

TOE GAAN DIE lig vir hom op: "Ja, maar jy sien, jy het in die stad gewoond geraak aan 'n samelewing sonder apartheid, en toe jy mense ontmoet wat op jou vlak is wat geleerdheid en denke en lewenswyse betref, toe worry jy nie wat hulle kleur is nie en julle word vriende. Miskien sou ek dit ook kon doen. Hier by ons is nie sulke swartmense nie. Hulle is almal net werkers en tradisionele mense. Hier sal altyd apartheid wees."

Iets wat my nogal verras het, is dat die ANC deesdae so half en half as 'n gematigde party bejeën word en dat daar heelwat respek is vir mense soos Nelson Mandela en Cyril Ramaphosa - natuurlik, soos hulle op TV waargeneem word.

Die nuwe Antjie Somers is die PAC. Die vrees en haat vir die PAC (en natuurlik Apla) loop diep. En so half asof hulle nie kan glo die swart meerderheid kan kompromieë aangaan met die regering en gematigde voorstelle steun nie, glo hulle die PAC gaan nog sterker word as die ANC en uiteindelik die land oorneem. "Die swartmense gaan mos nie tevrede wees tensy hulle âl die mag en âl die belangrike posisies oorgevat het nie," sê een oubaas met groot oortuiging. "En as die ANC dit nie doen nie, sal die mense in hul miljoene oorloop na die PAC en Apla."

EK HET NOG PROBEER verduidelik dat die ANC 'n organisasie is wat al langer as sewe dekades bestaan, dat die PAC volgens alle meningspeilings minder as twee persent van die steun sal kry en dat die ANC van die begin af aan nie-rassigheid en demokrasie eerder as swart oorheersing geglo het, maar ek het nie 'n indruk gemaak nie.

Van die mense met wie ek gesels het, het 'n eienaardige teorie dat die komende verkiesing bepaal sal word deur taxi-bestuurders. Hulle is die kommissars en die agente en in die swart kultuur het hulle 'n spesiale status - as hulle die mense stembusse toe aanry, gaan hulle vir die mense sê presies waar hulle moet stem. Uiteindelik kom ek agter die bron van dié wysheid: Johan van Wyk, rubriekskrywer van *Die Volksblad* en *Beeld*, het dit in een van sy rubrieke verkondig.

Ek het myself bitter ongewild gemaak deur in 'n stadium te suggereer dat dit onhoudbaar gaan wees as ons eers 'n demokratiese regering en 'n swart president het, en die "lokasie" lyk nog soos hy lyk 'n ent weg uit die dorp en die wit dorp self staan driekwartpad leeg. Ek het eintlik bedoel klein dorpe behoort nou al van die leë huise beskikbaar te stel vir swartmense wat dit kan bekostig, soos die onderwysers en dominee en klerke. Maar my gashere het rooi gesien: "Ja, julle sal seker nie tevrede wees voordat elke plattelandse dorp propvol plakkershutte staan nie."

Ons moet ophou dink Suid-Afrika bestaan uit Johannesburg, Pretoria, Kaapstad en Durban. Daar is baie werk te doen op die platteland.

dié week

Staaldromme met verrykte uraan lê nog in die gange van die kernaanleg by Pelindaba wat nou in onbruik verval het. (Foto: AP)

VIVA DEMOKRASIE!

IN Lesotho se eerste demokratiese verkiesing in 23 jaar het die Basutoland Congress Party (BCP) 'n wegholoorwinning behaal deur al 65 kiesafdelings te wen.

Dit maak van Lesotho effektief 'n eenpartystaat, word gesê. Die BCP het 74 persent van die stemme getrek en al 243 setels in die parlement ingeneem.

SPANNING VERHOOG IN MIDDE-OOSTE

SPANNING bou in Israel opnadat die regering die Gazastrook en die Wes-Oewer van die Jordaanrivier vir 'n onbepaalde tydperk gesluit het.

Dié stap, wat deur Palestyne as "kollektiewe straf" veroordeel word, volg nadat dertien Israeli's, onder andere polisiemanne, die afgelope maand deur Palestynse inwoners van die twee besette gebiede vermoor is. Maar in die vyf jaar sedert die Palestyne hulle met mening teen die Israelse besetting begin verset het, is tien keer meer Palestyne as Jode dood.

Daar word verwag dat die geweldpleging binne die besette gebiede sal toeneem, veral weens die ekonomiese probleme wat die sluiting meebring. Minstens 100 000 Palestyne wat binne Israel self werk, word nou verhinder om die land binne te gaan. Israelse veiligheidsmagte is gelas om enige gewapendes op die plek te skiet, selfs al lyk dit asof hulle nie wil aanval nie.

Yitzhak Rabin, die Israelse eerste minister, sê die afsperring sal die wrywing tussen die Joodse bevolking in Israel en die twee miljoen Arabiere in die Palestynse gebiede verminder.

Palestynse leiers sê egter dit sal nie werk nie, omdat dit nie die werklike kwessies aanspreek nie.

VORSTER, KAUNDA EN DIE BOM

DIE aankondiging verlede week deur die Staatspresident FW de Klerk dat Suid-Afrika oor ses atoombomme beskik het, het 'n private boodskap in herinnering geroep wat John Vorster, die destydse eerste minister, in 1974 aan Kenneth Kaunda, toe die president van Zambië, gestuur het.

In Oktober 1974 het Mark Chone, Kaunda se persoonlike raadgewer, Vorster in sy kantoor in Kaapstad besoek. Dit was ná twee jaar van intense geheime gesprekke tussen Chona en Vorster se verteenwoordigers - en net enkele dae voordat Vorster sy bekende sogenaamde "voice of reason"-toespraak in die parlement sou hou. Dié toespraak moes Kaunda in staat stel om in die openbaar daarop te antwoord as eerste stap na samewerking tussen Suid-Afrika en Zambië om die destydse bosoorloë in sowel Namibia as Zimbabwe te beëindig. Dit het inderdaad toe ook die weg geopen vir die sogenaamde brugberaad by die Victoria-watervalle in Augustus 1975 waar Kaunda en Vorster die destydse tydelik vrygelate Zimbabwiese leiers kon ontmoet.

Maar in daardie stadium het Vorster reeds die opdrag gegee vir die ontwikkeling van die atoombom en ander gesofistikeerde wapentuig. En by die ontmoeting het hy oorgeloop van arrogante selfvertroue, soos Chona dit later in Lusaka aan my beskryf het. Vorster het dit duidelik gestel: hy kom nie hoed in die hand na Kaunda om vrede te bewerkstellig nie. Op sy tipies afgemete, amper bombastiese toon het hy dit aan 'n verstomde Chona uitgespel: Gaan sê aan jou leier ons vrees niemand in Afrika nie. Ons het nuwe wapens, ons het verskriklike wapens. Ons het die vermoë om Lusaka - en nie net Lusaka nie, maar selfs Kairo - in 'n ommesientjie te bereik en van die aarde te vee.

Later het Chona aan my gesê hy het as diplomaat dié onsensitiewe opmerkings in 'n delikate stadium van die onderhandelinge geïgnoreer ten einde die latere ontmoeting tussen Kaunda en Vorster te finaliseer. Maar hy het my ook gevra of ek weet watter nuwe wapens Suid-Afrika nou het wat Vorster so laat oorloop het van aggressiewe selfversekerdheid. - HENNIE SERFONTEIN

JUTA IS ONAFHANKLIK

VWB het verlede week in 'n artikel oor wie wie en wat besit in Suid-Afrika, gesê die uitgewer Juta is deel van Nasionale Pers. Juta het skerp beswaar aangeteken teen die fout en beklemtoon dat hy heeltemal onafhanklik is.

Juta is die uitgewer van McGregor's *Who ouns Whom* waarvan die 13de uitgawe pas verskyn het.

MOET JAN EN MARIA DIE TREKPAS KRY?

JAN en Maria van Riebeeck se standbeelde behoort uit Adderleystraat in Kaapstad verwyder te word en 'n nagebootste Drommedaris moet gebou word en simbolies na Holland teruggestuur word.

Só meen die deelnemers aan 'n bespreking tydens 'n werkwinkel oor simbole vir 'n demokratiese Kaapstad dié week in die Universiteit van Wes-Kaapland se Mayibuye-sentrum. Dit het verteenwoordigers van die PAC, Azapo en die Suid-Afrikaanse Rugby-Voetbal Unie ingesluit.

Die werkwinkel, ook deur die Rapportryers bygewoon, het egter besluit die debat oor simbole moet 'n oop debat wees. Volgens die Mayibuye-sentrum se koördineerder, dr André Odendal, is kommer uitgespreek dat soos in Zimbabwe en Namibia, nie volledig weggedoen sal word met onderdrukkende simbole nie. Terselfdertyd is gemeen dat nuwe simbole en monumente ook nie voorkeur moet kry wat uitgawes betref nie. Bankrotskap is ewe onaanvaarbaar, is gesê.

In sy openingstoespraak het prof Kader Asmal van die ANC gesê monumente van die ou Suid-Afrika moet nie summier vernietig word nie en die basiese maatstaf vir simbole moet versoening en rekonstruksie wees. Die Voortrekkermonument is een van die monumente wat as rassisties uitgewys is en kommer is ook weer uitgespreek oor die behoud van die Springbok-embleem in rugby. Terselfdertyd is gesê dat die ANC se herdoping verlede jaar van Stalplein tot Luthuliplein was ook 'n fout. - CHRISTELLE TERREBLANCHE



'n Israelse polisieman laat Palestynse inwoners van die besette Wes-Oewer teen 'n muur staan om deursoek te word by 'n padblokkade aan die buitewyke van Jerusalem. (Foto: AP)

KRIEL IN DIE GLASHUIS

DIE minister van Wet en Orde, Hernus Kriel, se tirade in die parlement oor Umkhonto we Sizwe ("many members of MK are nothing but criminals") skep twyfel oor die Nasionale Party-regering se verbintenis tot 'n demokratiese proses, sê die ANC dié week.

"Minister Kriel se verwysing na MK-soldate as kriminele demonstreer 'n ongelooflike kort geheue. Dit pas hom om te vergeet van die moordbendes van die BSB, die twyfelagtige rol van senior SAW Intelligensie-offisiere in die moorde op Oos-Kaapse aktiviste, die gewelddadige en kriminele gedrag van 32 Bataljon, wat vroue in Pholapark verkrag en aangerand het, en die SAW se rol om Inkatha te help om die gewildheid van die ANC te ondermyn," sê die ANC in 'n verklaring.

Die ANC verwys ook na Kriel se statistieke oor hoeveel ANC-lede weens misdade skuldig bevind is. "Politieke affiliasie is nooit ter sake wanneer NP-lede by misdaad betrokke is nie. Dit is jammer dat die media in die meeste gevalle dié verklarings onkrities rapporteer. Veel meer betekenisvol is die feit dat een uit elke 129 lede van die SA Polisie verlede jaar gevonnis is weens misdade wat hulle gepleeg het terwyl hulle aan diens is. Daar was 1 041 vervolgings en 306 skuldigbevindings. Die beweerde aanrandings het gelei tot 3 497 siviele eise. Hiervan is 137 buite die hof geskik teen 'n koste van R1 123 470."

Die ANC verwys ook na die groot aantal sterftes in polisie-aanhouding wat nog nie opgelos is nie, na die Waddington-verslag wat die SAP weens swak dissipline en slegte ondersoeke gekritiseer het, en na die verdoemende kritiek van regter CJ Botha op die SAP se gedrag tydens en ná die Swanieville-bloedbad.

EN WAAR WAS DIE WIT NATTE?

DIE nuwe, nie-rassige Nasionale Party is skaars die naweek op die been gebring, toe word dit van binne van rassisme beskuldig.

Wit Nasionaliste word in 'n verklaring bitsig aangeval deur die gesiene bruin Nasionalis Dennis de la Cruz omdat hulle nie Saterdag by die veel-rassige byeenkoms in Goodwood opgedaag het nie.

"Die witmense het ons in die steek gelaat. Dit kom neer op 'n blanke wegblyaksie," sê De la Cruz, LP vir Ottery.

Hy sê hy bly lojaal aan Staatspresident FW de Klerk, maar hy waarsku die NP-leierskap om uit die ivoortoring te klim en op grassrootsvlak steun te werf.

De la Cruz sê 95 persent van die mense op die massaby-eenkoms in Goodwood was bruinmense.

"Ek sou nooit deelgeneem het as ek besef het die by-eenkoms was net vir bruinmense nie," sê hy. - CHRISTELLE TERREBLANCHE

SA IS GEESTELIK ONGESTELD

TAGTIG persent van alle siektes in Suid-Afrika is vorms van geestelike versteurdheid, sê Gordon Wright, 'n direkteur van die Suid-Afrikaanse Federasie vir Geestesgesondheid.

Hy het op 'n simposium in Johannesburg gesê 30 persent van die bevolking ly aan geestelike ongesteldheid. Dit kan volgens hom daaraan toegeskryf word dat Suid-Afrikaners aan 'n waardestelsel onderwerp word wat nie in harmonie is met goeie geestesgesondheid nie.

Hy skryf ook die groeiende onrus in stede, asook die toename in dwelmgebruik, aan geestesversteurings toe.

Op nog 'n gesondheidskonferensie dié week is gesê die laaste drie jaar is die "mees brutale" in die land se geskiedenis, ten opsigte van die uitwerking wat dit op mense se geesteswelsyn het. Die oorgang na demokrasie en die daarmee gepaardgaande onsekerheid het gemanifesteer as bloedige konfrontasie tussen mense, is gesê.

VROUE en kinders wat uit die beleërde Moslem-enklawe Srebrenica ontruim is, kom na die lang reis in Tuzla aan. Vyf kinders en twee vroue is Woensdag dood in die vertrapping tydens die tien uur lange rit op vragmotors wat elk 200 mense moes dra. Srebrenica is volgepak met vlugtelinge van omliggende gemeenskappe wat voor die Serbiese magte uit gevlug het. Die VVO beplan nog ontruimingsprogramme nadat sowat 10 000 wanhopige Moslems dié week probeer het om op die 19 VVO-vragmotors te klim. Sowat 2 000 vroue en kinders het uiteindelik plek gekry. Die konvooi is vertraag toe Moslem-soldate die vragmotors buite Tuzla voorgekeer het, en langs die pad het Serwiese soldate die ontruimdes met sneeuballe gegooi. Bosnië se Moslem-beheerde burgerlike en militêre owerhede het die VVO daarvan beskuldig dat hy help met "etniese suiwering" deur die mense te ontruim. (Foto: AP)





'N VRIEND IN NOOD

WINNIE MANDELA het minstens een vriend wat aan haar gedink het terwyl haar appèlsaak in Bloemfontein gedien het: Evita Bezuidenhout. Evita het dié week spesiaal 'n kaartjie met goeie wense aan die een kant ("thinking of you here on this island!!") en 'n foto van die berugte tronk op die eiland Alcatraz op die ander kant via Vrye Weekblad vir Mandela aangestuur. Mandela sê sy is "geroer" deur die boodskappie en het haar "diepe waardering" uitgespreek dat "my suster só ver in die vreemde aan my dink". (Sy wou ook weet of VWB 'n telefoonnommer vir Pieter-Dirk Uys het.)

dié week

BALLADUR LAAT NIE OP HOM WAG

Edouard Balladur, Frankryk se nuwe eerste minister, buite die Elysee Paleis in Parys, pas nadat hy sy nuwe kabinet aan pres Francois Mitterrand bekend gestel het. (Foto: AP)

FRANKRYK se nuwe konserwatiewe eerste minister, Edouard Balladur, het nie op hom laat wag om die foute van die Sosialistiese regering onder pres Francois Mitterrand ongedaan te maak nie.

Hy het dadelik beperkinge geplaas op owerheidsbesteding om die groeiende begrotingstekort te bekamp. Balladur van die Galliese Party is deel van die middel-regse alliansie wat verlede week die Sosialiste oortuigend verslaan het in die eerste ronde van die vyfjaarlikse algemene verkiesing.

Maar Mitterrand, wie se tweede sewe jaar termyn as president eers in 1995 verstryk, klou steeds vas aan sy amp, ondanks die feit dat sy party nou tot 'n klein opposisieparty gereduseer is.

Balladur het ook aangekondig dat hy binnekort 'n ampsbesoek aan Duitsland bring, in 'n poging om Frankryk se verbintenis tot die vennootskap met Duitsland as die spil van die Europese gemeenskap te bevestig. Die twee lande se geldeenhede is nou verbind binne die EG-geldstelsel.

Hy is in die media geprys vir sy vinnige keuse van 'n matige, gebalanseerde kabinet en sy hantering van die oordrag van mag.

SAUK-GESPREK GAAN VOORT

DIE ANC en die regering was dié week in verskeie taai gesprekke met mekaar gewikkel oor die aanstelling van 'n nuwe beheerraad vir die SAUK.

Ná 'n ontmoeting Dinsdag tussen Danie Schutte, die nuwe minister vir Binnelandse Sake, en 'n senior ANC-verteenwoordiger, was die ANC daarvan oortuig dat die regering besig is met 'n totale ommeswaai wat vroeëre verstandhoudinge betref.

Schutte het 'n onbuigsame houding aangeneem. Daar is veral daarop aangedring dat pres FW de Klerk die finale seggenskap moet hê in die aanstelling van lede, wat deur 'n paneel benoem moet word. Die regeringstandpunt is dat die paneel 'n lys van 30 name aan De Klerk moet voorlê waaruit hy dan 23 sal kies.

Dié week is aangekondig dat wetgewing gaan kom om die raad van die huidige 15 na 23 te vergroot. Een rede is die regering se aandrang dat minstens 7 van die huidige raad weer aangestel moet word om kontinuïteit te verseker.

Maar in 'n opvolggesprek Woensdag tussen Roelf Meyer en Cyril Ramaphosa, was Meyer baie meer tegemoetkomend en het die twee kante nader gekom aan 'n kompromis oor die samestelling en die manier waarop die paneel die benoemings vir die raad moet doen. Dit word aanvaar dat regters Ismael Mohammed en Pieter Schabort daarin sal dien. Volgens ANC-bronne het die regering intussen ook twee oud-appèlregters, Gerrie Viljoen en John Trengrove, genader om deel van die paneel te word. Die naam van Franklin Sonn, bekende Kaapse opvoedkundige, word ook genoem. - HENNIE SERFONTEIN.

FELGATE EN CRONJÉ IN 'DIKTATOR-PLAN'

Kobus Jordaan

DIE storie dat Walter Felgate van Inkatha en Rowan Cronjé van Bophuthatswana agente van die regering is of was wat op hul eie regerings moet spioeneer, wil maar nie gaan lê nie, ondanks die twee se ontkenning van die beskuldiging.

Kobus Jordaan, DP-LP vir Umhlanga, het sy aantyging oor dié twee nou gestaaf met aanhalings uit geheime dokumente van Militêre Intelligensie (MI).

Dié MI-dokumente stip 'n strategie uit wat ten doel gehad het om 'n aantal diktators in die tuislande te plaas wat die invloed van die ANC sal teenwerk. Volgens Jordaan word Felgate se rol in Inkatha as " 'n algehele sukses" bestempel.

Cronjé, daarenteen, is eers in Ciskei geplaas, waar hy nie vordering gemaak het nie, maar is nou "uiters suksesvol" in Bophuthatswana.

Aanhalings uit 'n "inligtingspakket" wat Jordaan in November verlede jaar ontvang het, dui ook daarop dat die intelligensie-netwerke in die tuislande nou baie kleiner is, maar steeds operasioneel bly.

In nog 'n dokument van September 1990 word die voormalige Ciskeise president, Lennox Sebe, en die voormalige hoofminister van KwaNgwane, Enos Mabuza, as "probleemkinders" bestempel.

• Lebowa se hoofminister, Nelson Ramodike, het dié week sy administrasie daarvan beskuldig dat hulle saamgesweer het om hom te vermoor.

Hy sê ook dat meeluistertoerusting in sy kantoor en in die kabinet se konferensiekamer gevind is.

Ramodike het 'n beroep op pres FW de Klerk gedoen om wit tegnici te verwyder wat deur die Departement van Openbare Werke en Vervoer na sy kantoor gesekondeer is, sonder dat die kabinet dit goedgekeur het. Hy het die Suid-Afrikaanse regering ook gewaarsku om nie sy selfregerende gebied te probeer destabiliseer nie.

- CHRISTELLE TERREBLANCHE

NIEHAUS KAP SAUK

DIE ANC het vir die tweede maal in twee weke die SAUK skerp gekritiseer oor hul gebrek aan objektiwiteit en ewewig in die hantering van omstrede politieke sake.

Twee weke gelede het die SAUK deurgeloop omdat daar in 'n kerklike radioprogram oor die Broederbond slegs twee broeders genooi is en geen standpunt téén die AB gestel is nie.

Verlede Sondag sou die onderwerp "Die Afrikanerpolitiek van die Toekoms" op Agenda bespreek word. Die paneellede wat sou deelneem, is volgens 'n uitnodiging van die SAUK "gekies uit die gevestigde parlementêre partye - die AVU, DP, KP en NP".

Die ANC was nie lid van die paneel nie en is slegs genooi om verteenwoordigers te stuur as deel van die gehoor.

Die program is uiteindelik uitgestel omdat die KP weens gewetensbesware nie op 'n Sondag wou deelneem nie.

Maar Carl Niehaus, woordvoerder van die ANC, het in 'n brief aan Freek Robinson en Cristo Kritzinger sterk beswaar aangeteken teen die samestelling van die paneel. In die brief sê hy: "Dit is totaal onaanvaarbaar dat slegs 'gevestigde' parlementêre partye soos die AVU, DP, KP, en NP deel van die paneel op die verhoog sal wees.

"Om die ANC slegs te nooi om teenwoordig te wees in die gehoor, is 'n verdraaiing van die politieke realiteit van Suid-Afrika.

"Die ANC is een van die belangrikste politieke spelers in die Suid-Afrikaanse politiek. Bo en behalwe dat die ANC 'n beduidende aantal Afrikaners as lede en ondersteuners het, is die beleid van die ANC van uiterste belang vir die Afrikanerpolitiek van die toekoms.

"Indien die SAUK werklik 'n gebalanseerde beeld van die Suid-Afrikaanse politieke landskap aan die kykers wil oordra, kan daar geen twyfel bestaan nie dat die ANC deel van die paneel behoort te wees. Indien die SAUK egter 'n verdraaide beeld wil skep en die belangrikheid van die ANC in die Afrikanerpolitiek wil ontken, is die ANC nie bereid om daaraan mee te doen nie."

Die SAUK is in kennis gestel dat die ANC nie die regstreekse uitsending sou bywoon nie. - HENNIE SERFONTEIN



Dov Fedler in *The Star*



Orin Scott in *Beeld*

'N BANTU VAN 'N ANDER KLEUR...

HOE meer druk daar op Genl-maj Bantubonke Holomisa en sy tuisland toegepas word, hoe 'n groter kapokhaantjie word hy.

Die petalje rondom die beweerde Apla-basisse in Transkei, Holomisa se weiering om met die Goldstone-kommissie saam te werk en die NP-regering se kragdadige optrede met die beleg van Transkei, het die twee belangrikste politieke spelers se opportunisme en dubbele standaarde beter uitgewys as enige ander politieke gebeurtenis.

Holomisa is 'n militêre diktator van 'n onlegitieme apartheid-tuisland wat byna geheel en al deur Suid-Afrikaanse belastinggeld onderhou word. Tot onlangs het niemand buiten Pretoria die soewereiniteit van dié tuisland erken nie - minste van almal die ANC en PAC.

Skielik is Transkei se grense heilig. Met die sanksie en koestering van die ANC en PAC (en Apla?) verdedig Holomisa sy tuisland se onafhanklikheid met die trots en selfverseker-dheid van enige Afrika-diktator.

En is die man vol bravade! Hy sê laasweek in 'n onderhoud met Maria Davel van Afrikaans Stereo se Monitor hy glo daar is sluipmoordenaars wat Apla-lede wil kom vermoor. "If that happens," sê Holomisa toe met verwysing na "De Klerk and his cronies", moet De Klerk "make sure that he will man each and every home inside Transkei and outside Transkei, because I won't be responsible if the people retaliate." Later voeg hy by: "Tit for tat. They kill us, we kill."

Kwalik die soort taal wat 'n mens deesdae by die politieke onderhandelaars hoor. Net Hernus Kriel praat nog so.

Die ander kant van die muntstuk is die De Klerk-regering. Dié beskerm nou al dekades lank dié kunsmatige tuisland-grense teen die wêreld in, en deesdae word die tuisland-grense gereeld gebruik in argumente waarom die staat nie teen Bophuthatswana of KwaZulu kan optree nie.

Maar laat net een tuisland-leier hom vir die regering opruk, verdwyn dié hoogheilige agting vir grense soos mis voor die oggendson.

Die situasie waar die ANC Holomisa as "staatshoof" gaan gebruik om politiek te speel met die NP, en waar die NP vir Mangosuthu Buthelezi, Lucas Mangope en ander teen die ANC gaan gebruik, sal voortduur totdat finale eenstemming bereik is oor die toekoms van die tuislande. - MAX DU PREEZ

RUSLAND SE TOEKOMS STEEDS ONSEKER

SELFS Boris Yeltsin se ondersteuners kon dié week nie saamstem oor 'n politieke strategie ten einde sy beoogde ekonomiese hervormings deurgevoer te kry nie.

Yeltsin het verlede week naelskraaps pogings ontkom om hom uit sy amp te sit en word nou deur 'n onaangename kompromis op sy voorstel vir 'n referendum in die gesig gestaar. Die kommunistiese meerderheid in die parlement eis dat minstens die helfte van alle stemgeregtigdes in Rusland 'n mosie van vertroue in sy plan stel. Dit word beskou as 'n onbegonne taak te midde van toenemende apatie en ontevredenheid.

Yeltsin het vroeër gesê hy sal sy eie referendum hou as die kongres onaanvaarbare voorwaardes stel. Hy meen die kiesers hoef net te besluit of die grondwet gewysig moet word en of daar vertroue in sy presidentskap is. Sommige van Yeltsin se ondersteuners sê die kongres se eis vir meer as 50 persent kan moontlik onwettig wees kragtens die grondwet.

Yeltsin, wat 15 maande gelede spesiale magte vir hom en sy kabinet van die parlement afgedwing het om ekonomiese hervormings te begin, wil nou binne die volgende maand weet of hy kan voortgaan daarmee.

Verlede week het 'n noodsitting van vier dae byna daarin geslaag om hom uit sy amp te sit en het hom van sommige van sy magte ontneem.

Die aanvanklike spesiale magte wat Yeltsin bekom het, het die Sowjette, of plaaslike rade, baie van hul regte en magte, soos om in die kommunistiese stelsel dinge toe te wys of uit te deel, laat verloor. Hulle het sy pogings om te privatiseer en die ekonomie te hervorm, in die wiele probeer ry.

Te midde van die toenemende ontevredenheid met die ekonomiese hervormings het nóg Yeltsin nóg die parlement die jongste tyd genoeg mag om hul siening van die saak te laat seëvier. Yeltsin kan die parlement ontbind, maar kan niks doen as hulle nie hul setels wil ontruim nie. Die parlement kan hom afsit, maar kan niks doen as hy weier nie. Die probleem hou nou 'n sterk moontlikheid in dat die land in chaos gedompel kan word en die magstryd nog maande lank kan voortduur.

DE BEER SÊ SWARTMENSE WIL NIE LEER NIE

DIE reeds plofbare toestand in swart onderwys het dié week vererger nadat die Suid-Transvaal streekstak van die National Education Co-ordinating Committee (NECC) aangekondig het dat hulle wit skole gaan beset en ontwrig as daar nie aan hulle eise gehoor gegee word nie.

Boonop word gewaarsku dat die vonke gaan spat oor die



PITTSBURGH - Muurskilderye op die ou Gimbelgebou in Pittsburgh kikker die omgewing op vir menige voetganger. Die kunstenaar Judy Panzer het die kwas so kwistig aangewend. (Foto: AP)

verpligte eksamenfooie wat leerlinge moet betaal, ondanks Sam de Beer, minister van Onderwys en Opleiding en Nasionale Behuising, se aankondiging dié week dat die eksamenfooie van die Departement van Onderwys en Opleiding met 'n derde verminder sal word en die DOO vanjaar 26,2 persent meer sal spandeer aan swart onderwys.

Dié uitsprake van De Beer het nie die plofbare situasie ontlont nie. De Beer het dié week in Kaapstad gesê daar is geen verskil tussen die standaard van wit en swart skole nie en die probleem is dat swart leerlinge nie toegewyd is om te leer en die geriewe tot hul beskikking te gebruik nie.

Die NECC stem egter nie met dié sentimente saam nie. Hul eise sluit onder meer in:

* Die eensydige herstrukturering van die onderwys moet gestaak word.
* Die regering moet instem om die lot van die onderwys te bepaal by 'n soewereine onderhandelingsforum waarin alle belanghebbendes in die onderwys betrokke sal wees.
* Die krisis moet onmiddellik op grondvlak aangespreek word. (Dit sluit kwessies in soos die tekort aan onderwysers, salarisse, geriewe en handboeke.)

Desmond Thompson, nasionale inligtingsbeampte van die NECC, sê dié dreigement van die NECC sal nie deurgevoer word voor deeglike konsultering en onderhandeling met wit onderwys plaasgevind het nie. Die dreigemente van die Suid-Transvaal streek sal slegs as 'n laaste uitweg gebruik word as al hul pleidooie op dooie ore val. - ESMA ANDERSON

die uur van waarheid het aangebreek

Veelparty onderhandelinge het dié week hervat, en daar is 'n paar sensitiewe sake bo-aan die agenda. **HENNIE SERFONTEIN** doen verslag



Hernus Kriel... onbeteuld en emosioneel

Cyril Ramaphosa... nugter en kalm

DIE amptelike hervatting van veelparty onderhandelinge by die World Trade Centre in Kemptonpark dié week, beteken die uur van waarheid oor die werklike afstand-doen van mag op twee uiters sensitief en strategiese vlakke nou finaal vir die regering aangebreek het, naamlik die SAUK en die SAW.

Die vordering in die talle moeilike bilaterale en veelpartygesprekke die afgelope maande - hoofsaaklik te danke aan die ANC/regering-onderhandelingsalliansie - beteken die stadium is nou bereik waar die regering van sy magsmonopolie oor die twee sake afstand doen en mag daaroor met die ander politieke partye deel.

Daarom is dit nogal ironies dat die regering op dié kritieke tyd die indruk skep dat hy terugdeins van die gevolge van sy eie onderhandelingsuksesse en sy eie verklaarde oogmerke oor die skepping van 'n nuwe Suid-Afrika met magsdeling waaroor hy so hoog opgee.

Want oor die instelling van 'n nuwe beheerraad van die SAUK en die belangrike saak van die beheer en integrasie van alle "gewapende formasies" en die skepping van 'n nuwe SAW, was die regering die afgelope maande en veral weke duidelik besig om sy voete te sleep. Dis ooglopend deel van 'n berekende vertragingstaktiek om ware magsdeling oor dié sake uit te stel.

Sielkundig is dit vir die regering na 43 jaar van magsmonopolie uiters pynlik om die mag uit sy hande te laat gaan, om die sekere, bekende wêreld van magsbeheer vaarwel te roep vir die onbekende wêreld van magsdeling, om sy politieke beloftes in dade om te sit en die rubicon van magsdeling oor te steek.

Die aanstelling van 'n nuwe SAUK-beheerraad is vir nog twee maande uitgestel nadat die termyn van die ou raad, wat op 31 Maart verval het, tot 31 Mei verleng is.

DIE AFGELOPE DAE het die soeklig skerp geval op die kwessie van "gewapende formasies" soos MK, Apla en die SAW. Dit is veral bespreek in die konteks oor hoe beheer oor hulle kan bydra om die kommerwekkende geweldsituasie en die onlangse sinnelose moorde te bekamp.

Die kwessie van geweld is dan ook die eerste substantiewe punt van bespreking op die agenda van die veelparty konferensie die einde van dié week.

Dit volg op dié week se samesprekings tussen die regering en die ANC oor Apla, asook tussen die regering en Bantu Holomisa, die militêre leier van Transkei, na die Goldstone-bevindinge dat Apla vanuit dié land opereer. Dié week het Hernus Kriel, minister van Wet en Orde, oënskynlik histeries en onbeteueld, 'n venynige aanval op MK geloods en hulle as "misdadigers" veroordeel. Hy het geëis dat MK en Apla onmiddellik vasgevat moet word.

Kriel se toespraak is opgevolg deur kragdadige regeringsoptrede teen Transkei. Dié tuisland is met "'n ring van staal" omring deurdat die veiligheidsmagte padversperrings by alle toegange na en van Transkei aangebring het.

VWB VERNEEM UIT regeringsbronne dat Kriel se kragdadigheid die afgelope dae nie die eensydige optrede van 'n enkele "valk" was nie. Dit weerspieël probleme en kritiek binne die NP-koukus op die "weifelende leierskap" van spesifiek Staatspresident FW de Klerk, en die toenemende frustrasie van grassroot-LP's omdat dit voorkom of die regering besig is om beheer te verloor.

Te midde van al die woede en die emosionele uitsprake, was dit die sobere benadering van die ANC wat deur al die kruitdampe heen die aandag realisties en kalm op 'n kernaspek van die probleme rondom geweld uitgespel het.

Tydens 'n ANC-perskonferensie Maandag, het Cyril Ramaphosa, die Sekretaris-generaal van die ANC, besadig uitgespel dat die ANC die regering volmondig ondersteun dat geweld dringend aangespreek moet word.

Geweld moet op 'n "geordende en gestruktureerde wyse aangespreek word, nie in isolasie nie, maar as deel van die grondwetlike transformasie", sê Ramaphosa.

Dit sal nie help om MK en Apla uit te sonder nie. Ramaphosa beklemtoon dat die sleutel tot die aanpak van geweld is om die beheer van alle gewapende formasies - SAW, SAP, Apla, NK, veiligheidsmagte van die tuislande, Ystergarde ens - oorkoepelend aan te spreek.

RAMAPHOSA MAAK OOK vir die eerste keer bekend hoe die ANC glo die kwessie van gewapende formasies aangepak moet word. Daar is drie omstrede aspekte - wapentuig in besit van gewapende formasies, personeel en rekrutering - wat in drie fases hanteer moet word.

Eerstens is daar die tydperk van nou tot Julie waarin besonderhede oor die wapentuig van alle formasies bekendgemaak behoort te word en 'n moratorium op rekrutering geplaas moet word. Dan is daar die instelling van die transitional executive council (TEC) en 'n sub-komitee oor verdediging teen Julie vanjaar met gesamentlike beheer en uitgebreide magte oor alle gewapende formasies.

Laastens is daar dan die instelling van 'n tussentydse regering na die verkiesing in April 1994 wanneer die werklike integrasie van alle gewapende formasies, hul ontbinding en die skepping van 'n nuwe SAW moet plaasvind.

Volgens Ramaphosa stem die regering saam met die drie fase-benadering, maar 'n fundamentele struikelblok is dat die regering botweg vassteek en die ANC-voorstelle oor gesamentlike beheer van alle gewapende formasies deur die TEC summier verwerp.

Ramaphosa verduidelik dat die teenvoorstelle van die regering oor die beoogde magte van die TEC sub-komitee van verdediging "dit 'n totaal tandlose komitee met slegs adviserende bevoegdhede sou maak met die regering nog steeds in beheer van die SAW".

DIS IS DAN OOK betekenisvol dat 'n verwoede Kriel dié week snydend opgemerk het dat die regering nie belangstel in gesamentlike beheer oor "MK-misdadigers" nie.

Maar as 'n mens kyk na die ANC se voorstelle vir die TEC sub-komitee vir verdediging wat dié week bekendgemaak is, word 'n mens getref deur die feit dat dié voorstelle gegrond is op gesonde verstand.

Dit behels dat die regering en alle ander partye besluite oor militêre sake aan die sub-komitee vir goedkeuring moet voorlê: die staatsveiligheidsraad en alle ander inligtingsorganisasies moet ontbind sodat 'n gesamentlike intelligensiestruktuur geskep kan word; geen magte van die SAW mag sonder toestemming van die sub-komitee binne die land ontplooi word nie; alle gewapende formasies sal onder beheer van die komitee wees; 'n gedragskode sal op alle gewapende formasies van toepassing wees en die sub-komitee het die bevoegdhede om dissiplinêr teen hulle op te tree; daar sal 'n gesamentlike militêre koördinerende komitee, wat alle gewapende formasies verteenwoordig, gestig word; en die sub-komitee sal na die materiële welsyn van die lede van die nie-regerings gewapende formasies omsien.

Laasgenoemde voorstel oor welsynshulp vestig natuurlik die aandag op een fundamentele flater van die ANC die afgelope drie jaar. Daar is nooit van die regering geëis dat hulle finansieel verantwoordelik moet wees vir die terugkeer van MK-soldate, dat MK-lede in barakke onder beheer gevestig moet word, en dat hulle in die oorgangstyd salarisse ontvang om sodoende frustrasie te ontlont en stabiliteit te verseker nie.

Broeders gaan voort met hul streke

HENNIE SERFONTEIN vertel van die Broederbond se langtermyn-strategie om die oorlewing van die Afrikaner te verseker deur bondgenootskappe met bruin en swart groepe op plaaslike en streeksvlakke te vorm

DIE Afrikaner Broederbond (AB) het laat in 1988 'n geheime veldtog, Aksie 2000, geloods. Dit is 'n langtermyn-strategie met die doel om die oorlewing van die Afrikaner te verseker deur bondgenootskappe met bruin en swart groepe op plaaslike en streeksvlakke te vorm.

In AB-dokumente word die doel en oogmerke van die aksie só uitgespel: "Die missie van Aksie 2000 is om 'n praktiese bydrae te lewer vir 'n gesonde samelewingsorde vir al Suid-Afrika se mense, waarin ook die toekoms van die Afrikaner verseker word."

Dit is egter duidelik dat dié geheime projek se hoofdoel is om die Nasionale Party in die eerste een mens, een stem-verkiesing te ondersteun, en hoe om veral op streeks- en plaaslike vlakke beheer en invloed te verkry om sodoende Afrikanerbelange te bevorder.

Vanselfsprekend word dit nooit so duidelik en regstreeks uitgespel nie. Ook word daar nooit as sulks na die NP verwys nie. Maar daar is geen twyfel nie dat Aksie 2000 'n geheime AB-plan is om waar moontlik op streeks- en plaaslike bestuursvlakke 'n magsgreep vir die Afrikaner te verkry.

Dit is ook duidelik dat Aksie 2000 net 'n ander naam is vir 'n voortsetting van die strategie van die sekurokrate in die tagtigerjare om deur middel van die gemeenskaplike bestuurskomitee (GMK), veral op plaaslike vlak, 'n Wham-veldtog (Winning of the Hearts and Minds) teen 'n sogenaamde revolusionêre aanslag van stapel te stuur.

Daarom is die AB-dokumente die afgelope paar jaar oor Aksie 2000 vol verwysings na hoe AB-lede en selle in die swart en bruin gemeenskappe betrokke kan raak en watter soort opheffingsprojekte hulle kan aanpak - sonder dat die bruin en swart gemeenskappe daarvan bewus is dat die AB by dié "positiewe opheffingsaksies" betrokke is.

Die strategie is om deur AB-lede in bestaande strukture en instellings te werk en om hul invloed te gebruik.

DIÉ SOORT PROJEKTE het almal te doen met sosio-ekonomiese aksies, selfs so gering as die skenking van boeke aan swart skole of die verskaffing van sportgeriewe aan 'n swart gemeenskap.

Hier volg uittreksels uit enkele dokumente wat die AB-strategie verduidelik en veral hoe dit op plaaslike en streeksvlak moet opereer.

'n Dokument van 1992 verwys na "Openbare werktuie en meganisme vir Aksie 2000". Dit verduidelik: "Dit word beslis nie beoog om 'n sambreelorganisasie vir Aksie 2000 te skep nie. Daar is 'n veelheid van bestaande organisasies in elke streek wat vir die uitvoering van projekte en aksies, asook van die verbetering van gesindhede en verhoudings gebruik kan word.

"Dit moet benadruk word dat Aksie 2000 'n projek van ons organisasie is wat georganiseerd, doelbewus en doelgerig aangepak moet word. Dit moet eietyds en aktueel wees, want dit moet 'n voorbereiding oor die breë spektrum wees vir die nuwe bedeling waarin ons volk en die land en al sy mense tereg gaan kom. Daarom kan professionele groepe (onderwysers, prokureurs, lede van die gesondheidspan, ens), kerklike organisasies, kultuur en maatskaplike organisasies vir die ideale van Aksie 2000 geïnspireer word.

"Dit sluit egter nie die inisiatiewe buite enige georganiseerde strukture uit nie, byvoorbeeld diskussiegroepe, verhoudingsgroepe, ens. Maar kwaliteit en resultaatgerigtheid moet altyd van deurslaggewende belang bly."

ELDERS IN DIESELFDE dokument word gesê: "In die nuwe konstitusionele bedeling waarvoor ons nou in die RSA te staan kom, sal die rol van streeks- en plaaslike bestuur en regering belangrik wees, met gesamentlike betrokkenheid en verantwoordelikheid van elke bevolkingsgroep. Vir suksesvolle onderhandeling tot so 'n streek en plaaslike stelsel sal gesindhede, onderlinge vertroue en welwillendheid weer eens deurslaggewend wees.

"Die vorming van alliansies, gebind deur goeie gesindhede en gebou op vertroue, sal 'n belangrike instrument wees om groepe saam te snoer in die ontwerp van strukture op streeks- en plaaslike vlak en vir die uiteindelike suksesvolle bedryf daarvan."

MAAR DIT IS 'n omsendbrief oor Aksie 2000 van Mei 1992 getitel "Kompas 4" wat die hele strategie van die AB in die komende verkiesing en onderhandelinge weggee.

Die dokument sê daar sal "binne die afsienbare toekoms 'n verkiesing geveg moet word waarin politieke steun oor kleurgrense heen gemobiliseer sal moet word. Honderdduisende bruin en swart kiesers sal oorreed moet word om vir 'n party of partye te stem wat binne die Christelike demokratiese kader val.

"Hier lê een van die belangrikste take van Aksie 2000: om daardie gesindhede by swart- en bruinmense te help skep wat dit vir hulle moontlik sal maak om die pad saam met die Christen demokratiese blankes te loop. Deur uit te reik na mense van ander bevolkingsgroepe kan ons die boodskap uitdra dat ons saam met ander met wie ons waardes deel, die toekoms wil help bou. Baie afdelings (selle) het reeds projekte in hierdie verband aangepak. Baie meer is egter nodig vir ons om 'n betekenisvolle invloed te hê. En dit moet met groot haas en deeglike beplanning aangepak word (vergelyk die aangehegte terugvoering oor die Aksie 2000 program)."

Dan volg 'n paragraaf wat verrassend daarop dui dat in belangrike opsigte die NP saamstem met die Afrikaner Volksunie (AVU) en tot 'n mate ook met die KP, om Afrikanerinvloed op streeks en plaaslike vlak te vestig. Die dokumente sê: "Ons moet egter ook uitreik na ons eie mense. Die geleentheid vir versoening moet maksimaal ontgin word. Versoening tussen Afrikaners is moontlik nie op die basis van emosionele beroepe nie, maar wel op grond van die gemeenskaplike strewe om die Afrikaner-volk en Afrikanerkultuur nie net in stand te hou nie, maar ook dinamies te ontwikkel. Alle Afrikaners moet oorreed word om met mag en mening mee te werk vir die totstandkoming van sterk streeks- en plaaslike regering.

"Die moontlikheid wat dit bied vir die Afrikaner se beheer oor sy eie leefwêreld moet nou al ondersoek en ontwikkel word. Afdelings kan baie daartoe bydra om die prosesse wat daarvoor nodig is aan die gang te sit en om openbare debat daaroor te stimuleer." Dan volg daar nog 'n paragraaf wat bo alle twyfel bewys hoe belangrik die streekskategorie vir die AB is: "In Wes-Transvaal is met die idee van streeksregering reeds ver gevorder. Afdelings wat graag meer wil weet van watter rol hulle in hulle streke in hierdie verband kan speel, kan gerus in verbinding tree met A van de Venter by telefoon 0148-992765."

Dit verklaar die noue betrokkenheid van die NP by die samesprekings met Bophuthatswana oor 'n Wes-Transvaalse streek, waar die NP, KP en AVU effektief nieamptelik 'n gesamentlike alliansie vorm.

Challenge
Church & People

APRIL 1993 ISSUE

- Making Peace from below
- Catholic Bishops on pilgrimage of peace
- Baptists in black and white
- Returning home to the Struggle
- Will SA's elections be free and fair?

Our CHEAP subscription rates (10 issues p.a.):

South Africa	R30.00
Neighbouring Countries	R35.00
Africa, Asia, Latin America	US$20.00
Europe, North America, Australia	US$50.00

Challenge is a progressive Ecumenical Magazine of Church & People
Published in Southern Africa by Contextual Publications
(an initiative of the Institute for Contextual Theology)

Subscribe today & NEVER miss another issue

Challenge, ✉ 32047, Braamfontein, 2017
☎ (011) 339 2513/38/62



Die dinosouriërs word al hoe vriendeliker

Die ou grotes van die oertyd was nie so kil soos baie mense dink nie, skryf **INA VAN DER LINDE.** Wetenskaplikes het die laaste tyd al hoe meer besonderhede begin ontdek oor die lewenstyl van die dinosouriërs - en die prentjie dat hulle bloot reuse-akkedisse was, begin nou verander. Hulle het byvoorbeeld boeiende sosiale gedragspatrone getoon, almal was nie noodwendig koudbloedig nie, sommige het hul kleintjies versorg en hulle was die voorouers van vandag se voëls

DIE voortdurende en dikwels warm debat oor hoekom dinosouriërs sowat 65 miljoen jaar gelede uitgesterf het, het die laaste paar jare stilweg plek gemaak vir 'n belangriker verhaal. Wêreldwyd is 'n groepie paleontoloë besig om die sage te herskryf van hoe dinosouriërs geleef het - en nie hoe hulle gesterf het nie.

Die sage is besig om hom te ontvou in afgeleë en dikwels ruwe wêrelddele soos die dongavlaktes van noordwestelike Argentinië, in bergagtige gedeeltes van China, in onherbergsame streke van Colorado, Wyoming en Suid-Dakota in die VSA, in Alaska se Noord-Helling, in Australië, Suid-Korea, en die dorre Karoo.

Onlangs het 'n 34-jarige professor van die Universiteit van Chicago, Paul Sereno, en sy span paleontoloë die volle skakel uitgegrawe van 'n lang-uitgestorwe gedierte - omtrent so groot soos 'n skaap - wat nog nooit tevore opgeteken is nie.

Die opgrawing is gedoen op dieselfde plek waar Sereno in 1988 die volledige skelet van die vroegste dinosouriër tot dusver, die *Herrerasaurus*, opgegrawe het - die Ischigualasto-dongavlaktes in die noord-weste van Argentinië.

Die *Herrerasaurus* is 'n langsnoet-gedierte van 3 meter lank. Sereno het vermoed dat die jongste opgrawing meer primitief is as die *Herrerasaurus*, omdat die beweegbare kaak kortkom waarmee die *Herrerasaurus* en ander karnivore hul prooi kon vang.

Hy was reg. Die vonds is die primitiefste dinosouriër tot op datum. Dié vleisvreter is 228 miljoen jaar oud en bevestig dat die eerste dinosouriër taamlik skaars en betreklik klein was.

Hy het die fossiel die *Eoraptor* gedoop - Eos was die Griekse godin van die dagbreek. Raptor beteken dief: "Dit was 'n liggewig klein rakker," sê Sareno, "en dit was moontlik 'n dief wat vinnig ingestorm het om stukkies van iemand anders se prooi te gryp."

Sereno sê die nuwe dinosouriër-vonds help om te bepaal wanneer die dinosouriër se familie-stamboom begin vertak het.

DINOSOURIËRS WORD op grond van hul beenstruktuur onderskei van ander gediertes wat hulle voorafgegaan het, en van moderne reptiele. Paleontoloë erken al geruime tyd twee hoofgroepe dinosouriërs: die *saurischia*, wat 'n akkedisagtige heupstruktuur het, en die *ornithischia*, met heupe wat ooreenstem met dié van voëls.

Wetenskaplikes verstaan nog nie hoe verskillende heupstrukture hulle beweeglikheid geraak het nie. Die twee groepe het egter langs duidelik verskillende weë ontwikkel.

Die *saurischia*-tak sluit baie van die bekendste dinosouriërs in, byvoorbeeld die *sauropodia* - 'n indrukwekkende groep groot, vier-benige, langnek-plantvreters soos die *Brontosaurus*, - en die *theropodia*, die roofagtige groep karnivore waaruit voëls en die skrikwekkende *Tyrannosaurus* ontstaan het.

Die *ornithischia*-tak was egter streng vegetaries. Baie van hulle was tweevoetig, soos die eendbek-dinosouriërs. Andere, soos die gepantserde *Stegosaurus* en die gehoringde *Ceratopsiër*, het op al vier bene gewei.

Sereno se dinosouriër-vondse was albei *saurischias*. Maar die vroegste bekende *ornithischia* is ook in die omgewing van die Ischigualasto-vallei ontdek.

Dus, al is die fossiel-rekord onvolledig, dui die fossiele van Argentinië daarop dat die dinosouriër-evolusie al 228 miljoen jaar gelede begin het.

Die vroeë dinosouriërs het lang bene gehad, eerder soos 'n springbok as soos 'n krokodil, en kon vinnig en grasieus beweeg. Hulle gryparms was goed ontwikkel en hulle was uitstekende jagters.

DIE JONGSTE NAVORSING wys dat dinosouriërs buitengewone vernuwers was. Hulle was pioniers in metaboliese doeltreffendheid, beweeglikheid en het sosiale gedragspatrone getoon soos om in kuddes byeen te kom en ouersorg toe te pas.

Die navorsing het selfs interessanter ontdekkings opgelewer: die groot ondiere wat ons verbeelding aangryp, leef voort in - van alle dinge - voëls. Die afgelope dekade het die meeste kenners saamgestem dat voëls anatomies tot die dinosouriërfamilie behoort.

Vandag weet ons dat dinosouriërs die aarde 165 miljoen jaar lank bewandel het - van 230 miljoen tot 65 miljoen jaar gelede - en wetenskaplikes tel sowat 350 bekende spesies, waarvan die helfte eers die laaste 20 jaar beskryf is.

Maar dit verteenwoordig net 'n fraksie van die spesies wat bestaan het - en wat almal waarskynlik ontwikkel het uit 'n skarrelende, tweebenige reptiel, omtrent so groot soos 'n patrys.

Ander ontdekkings is dat verskeie van die ongediertes hulself mettertyd sosiaal georganiseer het. In die sogenaamde Ghost Ranch in Nieu-Mexiko is daar byvoorbeeld sedert 1946 honderde skedels van 'n klein *therapodia*, genaamd *Coelophysis*, baie naby mekaar ontdek. Hulle het moontlik in 'n natuurramp omgekom. Opgrawings dui daarop dat hulle soos pikkewyne in swerms versamel het.

In die Rockies in Montana is tekens gevind van eendbekke, afstammelinge van *Iguanodonts*, wat bekend staan as *Maiasaura*, oftewel "goeie moeder-akkedis". Jack Horner en Bob Makela van die Montana Staatsuniversiteit het in 1978 afgekom op 'n reuse slaaibak-vormige nes met 15 meter lange babas. Dit was duidelik dat hulle deur hul ouers versorg is. Teen 1981 het hulle reeds agt neste gevind, almal 7,6 meter van mekaar, wat die gemiddelde lengte van 'n volwasse *Maiasaura* was. Dié spasiëring het die ouers ruimte gegee om rond te beweeg terwyl dit die kolonie steeds maksimaal saamgebind het. Uiteindelik is 14 neste, 42 eiers en 31 babas gevind.

In dieselfde omgewing is eiers van 'n ander dinosouriër gevind, bekend as *Orodromeus*. In een eierhoop is 19 eiers gevind wat almal embrios bevat het. Dit het 'n aanduiding gegee van hoe vinnig dinosouriërs gegroei het - heelwat vinniger as moderne koudbloedige reptiele, wat die gedagte ondersteun dat dinosouriërs teen die laat-Kryt almal warmbloedige metabolismes ontwikkel het.

DIE ONTDEKKING DAT dinosouriërs verrassend gesofistikeerde metaboliese vermoëns ontwikkel het, is nog een van die belangrike ontdekkings van die laaste tyd. 'n Generasie of wat gelede is die gediertes bloot gesien as reuse-akkedisse en die meeste kenners het geglo almal is koudbloedig. In die laatsestigerjare het Robert Bakker 'n revolusie veroorsaak deur sy stelling dat dinosouriërs nooit die land kon oorheers indien hulle die metabolisme van reuse-akkedisse gehad het nie. Hy het voorsien dat dinosouriërs kon galop en op hul agterbene

kon staan om by die boonste blare van plante by te kom - iets wat koudbloedige diere wat net kort uitbarstings van energie vertoon, nie kan doen nie.

Vandag word geglo dat dinosouriërs koudbloedig én warmbloedig kon wees. Hulle het moontlik oor 'n hele reeks temperatuur-regulerende tegnieke beskik. Groot diere, wie se liggame hitte goed kon hou, sou geneig wees tot koudbloedigheid, terwyl die kleiner, meer aktiewe roofdiere tot warmbloedigheid sou neig.

WANNEER HET DIE dinosouriërs die wêreld ingeneem? Dit lyk of daar aan die einde van die Trias, sowat 208 miljoen jaar gelede (sien geografiese diagram), iets buitengewoons op die planeet aarde plaasgevind het: 'n wêreldwye massa-uitwissing van bestaande lewe. Baie spesies is uitgewis - onder meer die groot krokodil-agtige gediertes wat voorheen op aarde floreer het. Die gediertes wat oorgebly het, was almal klein.

Daar is verskillende verklarings hiervoor - byvoorbeeld dat 'n impak-krater in Kanada van meer as 60 km wyd, 'n koue donker stofwolk veroorsaak het wat die son

afgekeer het sodat plante doodgegaan het, en diere dood is aan verhongering.

Ander glo dis die gevolg van 'n geleidelike klimaatsverandering. Die aarde se grondmassas het vroeër jare in een superkontinent byeengekom, bekend as die Pangaea. Dit het mettertyd begin opbreek en dit het gepaard gegaan met massiewe volkaniese uitbarstings en die skep van nuwe seë. 'n Dramatiese weerpatroonsverandering kon die massa-uitsterwing tot gevolg gehad het.

Ná dié uitwissing was daar 'n ontploffing van die dinosouriër-bevolking. Van die volledigste rotsformasies wat in dié tyd gevorm is, is in China. In die provinsie Yunnan is daar rotsbeddings wat duidelik wys hoe therapodia soos Coelophysis - dieselfde spesie wat in die Ghost Ranch gevind is - ná die groot uitwissing van gedaante verander het van 'n klein slanke gedierte tot 'n 3 meter lange Coelophysis.

In dieselfde gebied is nog 'n gedierte van 7,1 meter lank ontdek, maar sonder die lang nek en en reuse-grootte van latere sauropodia. Die "Kunmingosaurus" met sy swaar liggaam en vier pillaar-agtige bene was onmiskenbaar 'n voorskou van latere reusagtige dinosouriërs.

DAN IS DAAR DIE onmiskenbare tekens dat voëls uit dinosouriërs ontwikkel het. In Brittanje se Museum vir Natuurlike Geskiedenis is daar 'n uitstalling van 'n klein fossiel, die geveerde Archaeopteryx. Dit is in 1961 ontdek en is bestempel as die vermiste skakel tussen voëls en reptiele. Vandag word Archaeopteryx beskou as die vroegste bekende voël.

Duitse gruisgatwerkers het die eerste Archaeopteryx-skedel in 1861 ontdek. Dit is die enigste fossiel in die Museum vir Natuurlike Geskiedenis wat agter 'n afsonderlike slot en grendel gehou word. Die individuele vere het in die kleinste besonderhede behoue gebly.

Die "voël" het tande soos 'n dinosouriër, maar geen bek nie. Dit het 'n lang, benerige stert, en die vere kan duidelik op die stert en vlerke gesien word. Die vere is 'n aanduiding dat een lid van die dinosouriër-familie geleer het om te vlieg. Die ontwikkeling van 'n wensbeen beklemtoon verder dat dinosouriërs teen die laat Juras (144 miljoen jaar gelede) besig was om te verander. Die eerste voël het toe ontstaan.

Ses Archaeopteryx-skelette is al ontdek. Een van hulle is in die Humboldt Universiteitsmuseum in die voomalige Oos-Duitsland. In dieselfde museum is daar ook 'n plantetende Brachiosaurus, die grootste dinosouriër wat ooit uitgestal is - 70 ton swaar (sowat 20 olifante), 22 m lank en 12 m hoog, omtrent so hoog soos 'n vier-verdieping gebou.

In dieselfde tydperk waarin die eerste voëls ontwikkel het, het die grootste diere wat ooit die aarde bewandel het, ook hul verskyning gemaak. Sauropodia, daardie langnek, vierpotige en kleinkoppige planteters, het nou die toneel betree. Dié superreuse het die laat Juras oorheers - soos die Brachiosaurus.

Hierdie gediertes is die enigste bekende sauropodia met langer voorbene as agterbene. Hulle het harde varings, broodbome en ander harde plante gevreet. Om die spysverteringsprobleem op te los het hulle klippe gesluk wat as maalstene kon dien. ▶

die oerkonings van die karoo

Suid-Afrika se fossiel-rekord vertel die opwindende verhaal van die vroegste ontstaan van soogdieragtige reptiele, eerder as wat dit meer lig werp op dinosouriërs

UIT gesprekke met paleontoloë blyk dit dat die Karoo-sedimente van Suid-Afrika die rykste versameling ter wêreldopgelewer het van soogdieragtige reptiele of Synapsida - die voorloper van alle soogdiere - in die tydperk 260 tot 250 miljoen jaar gelede.

Die gebied wat strek van Laingsburg en Prins Albert in die suide tot by Kroonstad en Volksrust in die noorde, en van Calvinia en Kimberley in die weste tot by Pietermaritzburg en Oos-Londen in die ooste, staan bekend as die Karoo-kom. Hier kom 'n oorvloed van goedbewaarde Therapsida-fossiele voor.

"Geen paleontoloog kan navorsing doen sonder om in Suid-Afrika 'n draai te kom maak nie," sê dr BS Rubidge, direkteur en hoof van die Departement Paleontologie aan die Universiteit van die Witwatersrand.

Dr Ina Plug van die afdeling Argeologie en dr Francis Thackeray van die afdeling Paleontologie van die Transvaalse Museum in Pretoria, verduidelik: Soogdieragtige reptiele het lank voor die dinosouriërs verskyn en hulle met etlike miljoene jare oorleef. In die tydperk waarin die twee groepe saam voorgekom het, was die soogdieragtige reptiele aanvanklik dominant, maar is later deur die dinosouriërs oorheers. Toe die dinosouriërs 65 miljoen jaar gelede uitsterf, het die afstammelinge van die soogdieragtige reptiele, naamlik soogdiere, dominant geword.

Fossiele van soogdieragtige reptielsoorte word op elke kontinent gevind. In Suid-Afrika word vyf hoofgroepe van hierdie reptiele in Suid-Afrika aangetref. Hulle is die dinocephaliërs (wat beteken "vreeslike kop") met uitsonderlike dik skedels; die gorgonopsiërs ("Gorgon-oog"), vleiseters met vreesaanjaende tande en omtrent so groot soos 'n leeu; terocephaliërs ("soogdierkop") met gekompliseerde tande en 'n skelet baie soos 'n soogdier; die dicynodonte ("twee hondetande"), planteters met skilpadagtige bekke met komplekse kake, wat beskou word as die suksesvolste groep soogdieragtige reptiele wat getalle betref; en die cynodonte ("hondetande"), vleis-, insek- en plantvreters wat die meeste soos 'n soogdier lyk met komplekse tande en kaakspiere, en pote wat soos soogdiere onder die liggaam invou.

PLUG EN THACKERAY sê oorblyfsels van al die belangrikste dinosouriër-groepe ter wêreld word aangetref in Karoo-gesteentes van ongeveer 195 miljoen jaar oud, en in gesteentes naby Port Elizabeth van 95 miljoen jaar oud.

Suid-Afrika beskik nie oor die heel vroegste dinosouriër-fossiele nie, want in die tydperk toe hulle ontwikkel het, was Suid-Afrika nog min of meer deel van die Suidpool. Die gebied was vergletser en heeltemal toe onder die ys. Dis eers in die laaste gedeelte van die Perm (260 miljoen jaar gelede) dat die land ver genoeg van die Suidpool weggeskuif het sodat die evolusieproses kon begin.

Voordat die werklike groot dinosouriërs hier kon ontwikkel, is die hele suidelike Afrika gedompel in geweldige vulkaniese uitbarstings - ongeveer 140 miljoen jaar gelede). Alle dinosouriërs het toe hier uitgesterf. Van die dinosouriër-fossiele wat hier aangetref word, kom uit die twee hoofgroepe, saurischia (reptiel-heup) en ornithischia (voël-heup), en die twee onderafdelings van die saurischia-groep - die sauropodia en die theropodia.

Die vroeë plantetende ornithischia word verteenwoordig deur die klein diertjies bekend as Fabrosaurus (Fabre se reptiel), Lesothosaurus (reptiel uit Lesotho) en Heterodontosaurus (gemengde tandreptiel). Laasgenoemde is 'n meter-lange, ratse dier met tande aangepas om plante te vreet.

Beenfragmente is ook gevind van groter ornithischia, soos die Paranthodon uit die Algoa-gesteentes, waarskynlik 'n gepantserde dinosouriër, en Kangnasaurus (reptiel uit die Kangnas).

Albei groepe saurischia word in Suid-Afrika gevind. Tot dusver is net fragmente van 'n groot theropodia (soogdiervoet) van ongeveer 12 m lank, gevind. Paleontoloë meen dit kan moontlik die oorblyfsels wees van 'n Allosaurus (sien vorige artikel).

Daar is meer bekend oor klein therapodia. Verskeie fossiele van die Syntarsus (vergroeie enkel) is in Zimbabwe en Suid-Afrika gevind. Dit was 'n klein, liggeboude, tweebenige vleiseter met 'n lang nek en stert. Die diere het in groepe gejag en sommige wetenskaplikes meen hulle was met vere bedek om die liggaamstemperatuur konstant te hou. Die mikroskopiese struktuur van die Syntarsus se bene, wys dat dit groter ooreenstemming met die bene van voëls en soogdiere toon as met dié van koudbloedige reptiele.

ANDER DINOSOURIËR-VONDSE is die Massaspondylus en Euskelosaurus. Laasgenoemde is een van die vroegste dinosouriërs en min is oor die dier bekend. Dit het waarskynlik 'n betreklik kort tyd lank bestaan voordat dit vir meer gevorderde en suksesvoller dinosouriërs soos die Massospondylus moes plek maak.

Die Massospondylus ("massiewe rugstring") was hoofsaaklik 'n plantvreter en ongeveer 4 meter lank en 1,5 m hoog. Dit het waarskynlik op die agterpote gestaan om lae bome te bewei, maar ook soms op die voorpote gestaan, soos afgelei kan word uit fossielspore. Die talle dun, blaarvormige tande was dig opmekaar geplaas in die kake en het skerp, gekeepte rande gehad. Die kake was swak ontwikkel en kos is heel ingesluk en met behulp van maalklippe in die maag fyngemaal.

Hulle het in kuddes beweeg en was waarskynlik die voorouers van die reuse plantvreters soos die Brachiosaurus, Brontosaurus en die Diplodocus wat in ander wêreldele voorgekom het.

Teen die einde van die tydperk het die reuse-sauropodia begin uitsterf, in elk geval op die Noord-Amerikaanse kontinent. Saam met hulle het ook die indrukwekkende roofdier uitgesterf - 'n 10 meter lange, tweebeen-kruis tussen 'n krokodil en 'n bergleeu, bekend as die Allosaurus.

Kleiner sauropodia het nog 20 miljoen jaar langer op ander kontinente soos Suid-Amerika en Australië bly voortleef.

Die volgende groot geologiese era, die Kryt - van 146 tot 65 miljoen jaar gelede - begin in die Como Bluff-formasie in Wyoming in die VSA. Die formasie staan bekend as Breakfast Bench. Hier word hoofsaaklik klein gediertes aangetref, soos skilpaaie, paddas en 'n klein dinosouriër van 66 cm lank.

Robert Bakker het laasgenoemde Drinker gedoop. Hy weeg sowat 10 kilogram en het buitengewone komplekse tande vir blaarsny en groot voete wat aangepas is om op nat grond te loop. Daar is 'n hele nes van baba-Drinkers gevind - omtrent so groot soos 'n duif.

DIE VERMOEDE IS dat die groter gediertes uitgewis is deur pessiektes. Maar nog belangriker - die planeet was weereens besig om groot klimaatsveranderinge te ondergaan. Die noordelike en suidelike landmassas het geskei en 'n groot ekwatoriale seeweg is gevorm. Die semi-droë gebiede van die laat Juras het verdwyn. Die wêreld het warm en klam geword. Die reusagtige sauropodia het verdwyn en die tweede groot tak van dinosouriërs - die voëlheupige, plantvretende ornithiscia - het begin om die wêreld te oorheers.

Teen die laat-Kryt het groot troppe van hierdie gediertes, wat baie verskillende soorte eendbek-dinosouriërs en die renoster-agtige ceratopsia insluit, soos troppe bisons oor die westelike gebiede van Noord-Amerika gestroom. Die rede vir hulle voortbestaan: hulle het meer doeltreffende eet-metodes ontwikkel.

'n Ornithischia genaamd Iguanodon illustreer een belangrike vernuwing. Die eerste Iguanodon is in 1825 ontdek. Dit het 'n horing-agtige klou aan die hand gehad en 'n bek waarmee plante afgevreet kan word. Die belangrikste kenmerk was egter die kake, wat die dig-gepakte tande in 'n kners-beweging kon roteer. Die Iguanodon het die fyn kuns om te kou bemeester.

Dit was egter ook die era van die Tyrannosaurus, 'n familie van vleisvretende dinosouriërs wat uitgeloop het in die bekende Tyrannosourus rex - die 15 meter lange theropodia, met massiewe kloue en die kake van 'n moordmasjien. Die tande (18 cm lank) is ontwerp om deur been en vleis te sny. Dit kon vinniger as die meeste ander roofdiere beweeg. Omdat sy kop so groot is, was sy arms betreklik klein, maar hulle kon nogtans 'n dooie gewig van by die 300 kilogram oplig. 'n Tyrannosourus het voortdurend tande verloor wanneer dit vreet en nuwes het in die plek daarvan gegroei. Tande word orals op plekke opgetel waar plantvreters dood is.

DIE DAKOTAS EN oostelike Montana bevat een van die paar rotsformasies wat verslag doen van die groot ondiere se laaste twee miljoen jaar op aarde. Dit heet die Hell Creek-formasie, en bevat 'n dun laag van die eksotiese element iridium. Iridium is uiters skaars, maar kom volop voor in asteroïdes.

Soortgelyke iridium-lae is in 65 miljoen jaar oue deposito's wêreldwyd gevind. Die meeste wetenskaplikes aanvaar nou dat die lae oortuigende bewys is van 'n geweldige buiteruimtelike impak op die aarde teen die einde van die Kryt.

Sommige wetenskaplikes glo dit was 'n hele stortreën van impakte oor verskeie miljoene jaar wat die ekosisteem verswak het.

Klimaatveranderinge soos die mid-kontine-+R.YVW,YV-R.kk-)HhWV-.+++W.,V.-kV$Rk+W.$W-W..KH7]W$.[X7:egroei wat tot gevolg gehad het dat die habitat van dinosouriërs net kol-kol begin voorgekom het en dinosouriërs tot klein gebiede ingeperk het - soos met olifante vandag. Hulle het die gebiede oorbewei en hul eetgewoontes kon hulle nie langer ondersteun nie. Dié diere wat oorleef het, was die minste aangewese op lewende plante.

Dit word weer deur ander paleontoloë ontken. Hulle sê die duisende klein bene in Hell Creek wys dat dinosouriërs tot aan die die einde floreer het. Nadat die dinosouriërs uitgesterf het, het soogdiere opgekom om die leemtes te vul.

Dr Dave Norman van die Universiteit van Cambridge - 'n kenner op die gebied wat op die oomblik in Suid-Afrika is - bied 'n klein troos vir ons: "Uitwissing is die uiteindelike lot van alle lewende organismes en spesies, maar die natuur sal dit deur ander spesies vervang."

* Die inligting wat vir die artikel gebruik is, kom grootliks uit die National Geographic van Januarie 1993.





Jy kry skoon die ritteltits...

MET die eerste oogopslag kry 'n mens die gevoel jy staan voor een van die monsters waarvan die boek Openbaring in die Bybel praat. Die dinosouriërs, die reusagtige oerdiere wat 65 miljoen jaar gelede geheimsinnig uitgesterf het, "herlewe" nou weer op die Randse Skou (wat môre open).

Staan 'n mens so na hulle en kyk, ervaar jy so 'n grillerige onrustigheid gemeng met opwinding. Al het die kolosse so lank gelede uitgesterf, voel dit vir jou of dié diere enige oomblik hul koppe gaan draai, en jou gaan bestorm en opvreet. Gelukkig vreet dinosouriërs nie mense nie - of altans, daar was destyds nie mense om te vreet nie. As daar toe al mense was, het hulle dalk 'n paar lewende dinosouriërs tot vandag toe bewaar as troeteldiere.

Van kinders tot ou mense sal seker na die skou stroom om die dinosouriërs te bekyk. En om 'n bietjie skrikkerig te voel - want die nabootsings wat vertoon word, is nie net lewensgetrou nie, maar roer hul lywe, rek hul kake en maak die vreesaanjaendste geluide.

Vir die kinders wat altyd so na die TV-program Dinosaurs op M-Net kyk, bied dit groot pret en opwinding. Nou kan hulle hul geliefkoosde ongediertes as 't ware in lewende lywe aanskou. - VIRGINIA KEPPLER

Boeta Joe se hand was nooit só geskud nie

Joe Marks was in die stormagtige tagtigerjare in die Kaapse politiek 'n simbool van die bitter stryd teen apartheid. Hy was 'n vise-president van die United Democratic Front en 'n leidende lid van die Kommuniste-party in die Kaap, maar het nou uit die ANC en SAKP bedank en by die Demokratiese Party aangesluit. **SYLVIA VOLLENHOVEN** het met hom oor sy politiek en sy gemeenskap gaan gesels - en nie juis nodig gehad om veel vrae te vra nie

"DIE mense sê nou klompie jare al die ANC is undemocratic, maar toe sê ek, nee man. Nou moet die storie maar uit."

Joe Marks, smous en hardwerkende community worker, sit in sy gunsteling leunstoel en praat soos 'n sprinkaan. Nou is hy hier met sy Outeniqua-ouma besig, dan is dit sommer weer sy liefde vir die coons en ewe skielik skerts ons oor die getroude lewe.

Sy Kaapse taal is so uniek soos sy styl van stories vertel en daar is geen sprake van doekies omdraai met 57-jarige Boeta Joe nie. Hy sê sulke politically incorrect dinge dat my progressive oor begin tuit en "daar is mos nou ook nie nog 'n woord vir fokol nie".

Maar laat hy maar self vertel hoekom hy nou die ANC gelos het vir die "middle-class liberals van die DP" en wat sy grassroot antwoord is op die Kleurling-kwessie:

My ding met die ANC is soos die storie van die man en vrou wat nou getroud is en die vrou sê: "Ek hou glad nie meer van die fokken bastard nie en ek moet hom lankal gelos het, maar ons het mos nou die laaitie. Nou dink sy hy kom eendag reg maar soos die laaitie groter raak, word dinge net erger en erger.

My problems started with the sanctions debate. As jy mense vra hoekom hulle werk verloor - was hulle nou lui of het hulle laatgekom - sê hulle, nee issie sanctions. I realised that I was going against everything that is decent.

After a long discussion in the ANC branch where I am, we unanimously decided that sanctions must be stopped. That message was received with contempt by the executive at a meeting where I stood up to speak.

After I spoke for about a minute the chairman told me my four minutes was up. I showed him my watch and said I have this thing here called Rotary. He said: "Sit down comrade Marks, sit down!"

That pissed me really off, if I have to use such a bad term. I didn't hear about the people's suffering, I didn't read about it, I knew about their suffering. The ANC seems to have lost complete touch with reality, but I don't want to be nasty to the ANC. It is not in my nature to be nasty, I want to say to them, bon voyage.

It was not an easy decision. That night when I came from that meeting, I cried... I cried tears. I dedicated my life to the ANC but the leadership is...

Maar ek wil die ANC nie kak maak nie, verstaan jy.

Eight or ten years ago when there was trouble at the University of Zululand, Gatsha wrote to us. I called it the Gatsha hands and knees letter. He was pleading with us for a meeting, saying in the name of God let's come together to save our children.

History will judge us by these opportunities that we missed. I said that if we are the dominant party, we must talk to Gatsha.

That's two examples to explain why I left the ANC. The others are too ghastly to talk about. Ek wil nie die ANC uitmaak nie. I don't want to damage the ANC but the rank and file people have come to tell me they support me.

Om 'n professional prediction te maak van die kleurling vote is suicidal but I would think that at this point in time the coloured vote would go to the DP

My hand was nog nooit so geskud nie. Hey Boeta Joe, sê die mense, jy moet lankal so gemaak het. Vir wat wil jy nou hier fok met 'n ANC. Een man sê: "Hey Boeta Joe, laat ek jou sommer soen deur daai vuil baard van jou. Ja, is kwaai my bra.

Some people tell me they live in the townships and they want to resign but they really can't afford to. You have to use your imagination why. Hulle sê ruite breek te maklik. I even got a better response from the black people than from the coloureds.

I doubt whether I started a movement to the DP but I am a catalyst.

As dit kom by die elections... Om 'n professional prediction te maak van die kleurling vote is suicidal but I would think that at this point in time the coloured vote would go to the DP.

I'm going to change the DP. It can't remain a white middle-class party. It must become a people's organisation. It must become a people's organisation. Daar's 'n klomp mense wat vir hulle sal vote.

Maar onse mense het so 'n geskiedenis van apathetic wees. Daai gaan 'n probleem wees. Nou kom dit by polling dag en as dit eers reent daai dag en is 'n dag wat Antie Rosie verjaar en die kan kom in en dis lekker... Nou kom hulle in en sê "kom, Boeta Joe, kom vote", dan sê ek naai, stap julle maar aan, ek ko nou. Maar jy sê vir jouself watse kak is dit van vote. Dit veranner niks.

Ek werk mos baie met die gangs. Nou wil die leierskap vrede maak want hulle's droeg in die buttons: eet, drink, knop en slaap en stel in fokol belang, daai's ons. Hulle sê my "Boeta Joe, ons het te veel probleme, ons kan nie nog met die polatieks." Po-la-tieks is mos hoe hulle sê.

They feel caught in circumstances beyond their control. I'm a great student of my people. Die anner dag gaan ek na 'n nuwe township wat hulle daar in Delft gebou het. Dis so 'n sonde. Jy sien, die ou wat die dak gemaak het, het sommer in die strate gaan soek vir carpenters en vir mense gesê: "Hier, vat die hamer en kap daai spykers in."

Een vrou wat in daai huise bly sê die mure is so vol gate, sy slaap met 'n mask wat hulle vir operasies gebruik. Sy lê so op haar rug om vir my te wys hoe moet sy eers dié kant toe draai en dan daai kant toe in die oggend om die sand van die mask af te skud voor sy opstaan.

My people have accepted oppression as a way of life. Naai, dit is nou so, sê hulle. As die wind hier waai, dan maak jy soos die Basotho-mense en jy sit met 'n kombers om jou, want jy weet nie waar daai wind inkom nie, maar hy kom in.

They are apathetic. They might be interested in politics but they are dragged down by reality. Die reality is hier. Nou het die vrou net gehoor sy is pregnant en die jong sê issie sy kind nie en nou kom jy ook nog met jou politics. "OK fine... die DP, sê jy." Maar as jy uit is, sê sy: "Jong ek wietie, die man sê iets van 'n PD."

The professional classes, the educated people, the activists... they are a small group but for the rest and for those who will bother to vote, the DP will attract most of them. But the DP have never sold themselves. Hulle sit so 'n tafeltjie op met 'n paar blondies en die mense loop verby en sê "Hello DP hoesit!". But, you see, that is going to have to change.

Die ouer mense, dié wat nou oor die fifty five is, wat die heuwel afgaan, is nog baie impressed met witmense. Die under fifty fives gaan vote vir die party wat gaan deliver: houses, schools, jobs and food.

Nou kom daar die question of violence. Gam is mos baie violent. Ons baklei maklik, maar is goed soos jy't my vrou genaai. Maar, nou kyk hulle die TV en sê vir mekaar: "Kyk hoe gaan die darkies al weer aan!" They perceive the ANC to be a black organisation which it is not.

"Die NP doen hulle werk, maar jy kan nie sien waar hulle werk nie. Hulle is so besig in die old age homes en die clubs. Hulle gee tea parties. Maar die NP ken ek hoe om te fight. Ek weet waar hulle poep, wanneer hulle poep en exactly wie hulle is.

I'm going to change the DP. It can't remain a white middle-class party. It must become a people's organisation. Daar's 'n klomp mense wat vir hulle sal vote

Hulle's besig in die old age homes en daar in die dockyards waar die kommandant sê: "Petersen, julle kan vandag vroegdag af kry en die lorrie neem julle na die stembus toe en julle weet vir wie julle moet stem." Dié wat verkeerd stem, word eerste afbetaal. Maar ek sal die mense net remind wie het vir hulle uit District Six uitgesmyt.

I must believe that there are people who are not happy about my decision to join the DP, but I'm still looking for the negative reaction. Instead hoor ek: "Ek wil maar net sê ek het lankal gedink wanneer gaan Boeta Joe die kak van die ANC los."

I'm very dependent on the work that I've done for the past 14 years. I was on the national executive of the UDF. I'm director of the Community Services Project (van CAHAC), I'm vice chairman of the Cape Flats Homing Union and chairman of the Dart Club.

Mense vra vir my waar is die support van al daai duisende mense wat na die UDF rallies gegaan het. I don't know what happened maar jy ken mos vir Nuwe Jaar. Ek hou van die coons. I've gone to the coons every year for most of my life. Maar nou kom dit by vierde Nuwe Jaar en Miley vra vir my "Boeta Joe, hoe was ons, kwaai, né?" Naai, ek het al weer vergeet van jou troep man. Was gewees maar weggewas.

Never more interesting things have happened. Die herbs is daar en die buttons gaan af. Politics is vir ons mense 'n diversion met niks benefits nie. Like the riots. Julle journalists vat dit mos seriously. Nou kom ek met my bakkie en ek sê hey julle enners soontoe, en julle enners daai kant toe, en die Boere is impressed.

And, I say if only you stupid people can understand our children are playing games: ons gooi die Boere met klippe en hulle gooi ons met teargas, dan gooi ons die teargas terug en daai's so fokken lekker. Maar die Boere is mos stupid en hulle begin te skiet. Ons was mos nie ernstig nie.

Hulle het vir my gevra om te gaan werk met die gangs van

I must believe that there are people who are not happy about my decision to join the DP, but I'm still looking for the negative reaction. Instead hoor ek: "Ek wil maar net sê ek het lankal gedink wanneer gaan Boeta Joe die kak van die ANC los."

Guguletu, soos ek hier onder die gangs werk. Die jongens daar sê vir my die ou toppies kom met hulle kaffergedagtes uit die Transkei uit.

Hier by ons sê die Mongrels vir die activists: "Wat wil julle hê, ons moet hier staan en vergaan op die hoek. Ons het die buttons gerook, kan ons nou nie bietjie actions gaan maak daar bo nie? ANC? Julle is fokol aan.

Maar hulle gaan rallies toe om te pickpocket en so, at Matthew Goniwe's funeral it was the only time I was in a township that gave me the impression of almal vir die ANC en die ANC vir almal. Maar, ek weet nou nie van die res van die Kaap nie.

Die skollies sê vir my: "Hey Boeta Joe, weet jy wat kry jy as jy gam rob? Twee entjies en drie metjies. As jy darkies rob - my God, die darkies gaan mos nie bank toe nie my broer, man. Hy hou hele knoes met hom. Ons rob net darkies, man."

Do you hear what I'm saying? This is the reality. These are the people you are asking to vote.

Toe ek die DP bel en sê stuur vir my twee van julle juniors met vorms ... Ek weet nie of die DP helicopters het nie, maar hulle was binne minute hier.

Ek weet nie of ek gaan staan vir elections nie. Ek gaan eers anner maand oorsee, US toe, nog nie die US gesien nie. As ek terugkom sal ek decide van die elections.

Daar's nog my duiwe ook. Pigeon racers have two natural enemies - vrouens en valke. As ek besig raak met die elections sal ek seker die Dart Club moet drop, die ouens complain anyhow my pens hang oor die lyn.

Die ouer mense, dié wat nou oor die fifty five is, wat die heuwel afgaan, is nog baie impressed met witmense. Die under fifty fives gaan vote vir die party wat gaan deliver houses, schools, jobs and food

Community advisor Magdalene Marks - tot verlede jaar toe tesourier van die plaaslike ANC - en vyf van hulle seuwe kinders het sedert Joe Marks se besluit almal bedank en by die DP aangesluit.

As die familie Marks die mood reg lees, is die kleurlinge se honeymoon met die ANC oor - veral in Steenberg waar hulle woon en werk.

Boeta Joe is van Pacaltsdorp en Antie Madge sê sy is 'n Bredasdorpse meisie.

Bokkie het ons nou in sixty-one of sixty-two hier ingetrek. Al my kinners het bedank by die ANC, sê Marks.

Sy vrou voeg by: "Ek moet agter my man staan, voor my man staan en saam met my man staan!"

Hulle vertel hoe hulle as gesin van die meetings af terug-gekom het huis toe en dan nog 'n familievergadering ook gehad het, omdat hulle al so lankal ontevrede is met die ANC.

Joe is weer aan die woord: "Daar's ANC wat nou nog nie hulle kaartjies opgegee het nie, maar hulle sal DP stem. But they must remember, I never resigned, I was forced out by circumstances beyond my control and against great odds after eight years, eight long years. As ek my binneste gaan oopsluit and I must pour it out, gaan ek sê die ANC has done me a great injustice.

Hulle het my meer as een keer gevra om te staan vir elections. Ek wil nie eers official vir die local ANC wees nie. They begged me to be their chairman. I said, no, ek is 'n hawker en 'n community worker en ek het maar net elections toe gekom om te stem, nie om te staan nie.

Die mense kom klop aan my deur tot diep in die nag in. Vroumense kom klop en sê: "Mr Marks, kyk hoe lyk ek. Kyk hoe't my man my weer geneuk. Ek kan nie na die Boere toe gaan nie want hulle sal sê jy't weer buitekant gaan hoer, daarom het jou man jou gemoer."

People see me as a father figure, so it's not easy to take a political position. I didn't choose to be a father figure. But I also can't take a political position and just be a passenger because I believe in moving the vehicle forward.

I have the skills and groundswell support for a position on the ANC executive but I believe in driving a vehicle forward. I don't believe in being on a vehicle that's going nowhere. I

So, ek is nie gegewe van mense se witheid nie en sê vir my van 'n dokters degree, dan maak jy jouself eers swak by my. If you've got a good memory, maar jy's stupid dan gee hulle vir jou die degree. Ek glo vas in my volk. Ek is volksgebonde

have the support and the will to drive a vehicle forward. Ek glo nie om in 'n vehicle te loop en sit wat nêrens gaan nie.

Sê maar nou ek staan vir die DP in die area ... Ek dink nie dit gaan 'n walkover wees nie. No, no such thing. Kyk nou vir Bush, die mense het vir hom gesê: "Voertsek, hier's 'n anner ou wat lekker praat en smile." En almal het gedink Bush sal maklik wen. Daai's politics.

But I'm involved in the everyday life of my community - a community that knows mostly the politics of survival. I don't do this work so that I can tell you or other people about it. I'm doing it because I'm committed to an ideal. First, and before politics, I'm a Hottentot and an African.

My Outeniqua-ouma het altyd gesê: "My kend, al wat helle hier gebring het, is die geweer, die Bybel en die vuilsiek. Die anner goeters is almal onse goeters wat hulle so gesteel het."

Die Boer het na haar toe gekom met 'n verkyker en gesê: "Kyk so hier, Mieta Gertse, hier is nou jou grond - dis dié kant toe geskyf."

My Oupa was die laaste Opperhoof van die Outeniqua. Ons het 'n groot steen laat maak daar by Pacaltsdorp se begrafplaas. Dit staan daar op geskrywe: Kaptein Dikkop.

So, ek is nie gegewe van mense se witheid nie en sê vir my van 'n dokters degree, dan maak jy jouself eers swak by my. If you've got a good memory, maar jy's stupid dan gee hulle vir jou die degree. Ek glo vas in my volk. Ek is volksgebonde.

Jy ken mos vir Gam, né? Ek was gebore non-European, toe kom 'n doktor Verwoerd vir my red en hy maak my non-white. Toe kom ek hier en hulle maak my cape coloured en dan weer other coloured. Nou's ek sommer PLAIN coloured.

Soos ek loop, vra Joe Marks vir my of meer as agt persent van my familie sal ANC stem. Ek het toe nie geantwoord nie, want ek dink nie daar is eers agt persent nie.

Minister was sy *hande in onskuld* oor Pilatus...

Nóg miljoene in die water

Meer as R20 miljoen belastinggeld is die afgelope agt jaar bestee aan die ontwikkeling van die Ovid New Generation Trainer (NGT), die opleidingsvegvliegtuig wat nou deur Krygkor en die Lugmag verwerp is. Die plaaslike lugvaartnywerheid sien dié verwerping as onlogies en sinister, en hoe meer Krygkor en die Lugmag verduidelik, hoe meer vrae kom na vore, skryf **CHRISTELLE TERREBLANCHE**

DIE manier waarop die besluit geneem is om die nuwe Switserse Pilatus PC7 Merk II bó die Ovid te kies om die Lugmag se Harvard-opleidingsvliegtuie in 1995 te vervang, lê aan die wortel van die agterdog rondom dié duur transaksie.

Plaaslike entrepreneurs sê volgens verskeie gerespekteerde kenners hier en in Amerika is die Ovid NGT 'n meer geskikte keuse as die Pilatus. Daar is ook vraagtekens agter die stabiliteit en betroubaarheid van die Pilatus-maatskappy, terwyl die skepping van werkgeleenthede en die verdien van buitelandse valuta blykbaar ook oor die hoof gesien is.

Boonop beteken die keuse van die Pilatus dat die plaaslike vliegtuignywerheid effektief nek omgedraai is. Want as die minister van Verdediging (die pas uitgetrede Gene Louw) self sê 'n land se produk is nie goed genoeg om deur hom aangekoop te word nie, waarom sal die buitewêreld belangstel? Die minister het dié week die implikasie dat die lugvaartnywerheid in duie kan stort as "louter onsin" afgemaak.

Die handjievol mense wat sedert 1985 toegewyd gewerk het om die land se lugvaart-nywerheid kommersieel te vestig met 'n produk wat buitelandse valuta die land kan inbring, se droom lê egter aan skerwe. So ook die hoop op subkontrakte van die groot vliegtuigvervaardigers wat moontlik op die uitvoer van die Ovid kon volg.

Andries Marais (Foto: SALLY SHORKEND)

Te midde van al die ander tergende vrae, en ongeag al die verduidelikings, kan die belastingbetaler tereg vra waarom soveel geld bestee is aan nog 'n produk wat tot die ashoop gedoem is. Was dit nie onverantwoordelik van die WNNR en Atlas om voort te gaan met die produksie van 'n proto-opleidingsvliegtuig wat nie die paal kan haal nie? Of anders gestel, was daar nie op deurlopende grondslag samewerking om die eindproduk pasklaar te kry vir die lugmag nie?

"Daar is dokumentêre bewys dat die lugmag ten volle ingelig was, maar nooit laat blyk het dat die produk nie goed genoeg sou wees nie," sê Andries Marais, een van die WNNR se lugvaartkonsultante wat by die ontwikkeling van die produk betrokke was. Marais se kontrak met die WNNR is beëindig toe hy met die media oor die probleme rondom die besluitneming gepraat het.

Marais het dié week gevra dat die nywerheid die vrae wat nog oor die keuse van Pilatus hang, aan die Ombudsman voorlê.

Die geld vir die ontwikkeling van die Ovid NGT kom

uit die verdedigingsbegroting en is deur die Verdedigingnavorsing- en Ontwikkelingsraad gekanaliseer. Volgens Marais is in 1985 besluit om die saamgestelde materiale-tegnologie wat die afgelope dekades teen groot onkoste (buiten die R20 miljoen) ontwikkel is, kommersieel toe te pas. Daar is op opleidingsvliegtuie besluit, juis omdat die behoefte vir die vervanging van die Harvards toe reeds in die vooruitsig gestel is.

"Die lugmag het in 'n vroeë stadium by die tegnologie betrokke geraak en sy lugvaartingenieurs was selfs deel van die projekspan," sê Marais. Volgens hom was daar nooit waarskuwings dat die produk nutteloos wou wees nie.

NOU WORD GESÊ dat die Ovid weens verskeie kriteria uitgeval het. 'n Kernbeswaar is die leweringsdatum wat glo streng op 1995 bepaal is en waaraan Denel en Atlas, die vervaardigers van die Ovid, nie kon voldoen nie.

Marais sê voordat voortgegaan is met die bou van die demonstrasiemodel, is die lugmag op 'n vroeë stadium ingelig dat die spertyd vir aflewering nie nagekom sou kon word nie. "Die lugmag het aan ons die versekering gegee dat dit nie 'n staan-of-val-datum is nie," verduidelik Marais.

"Op grond van dié versekering is voortgegaan met die tender en die bou van die demonstrasiemodel," sê hy. "Dit het behels dat 'n verdere infrastruktuur (buiten die R20 miljoen) geskep moes word vir tenderdoeleindes."

Die lugmag erken net dat hy in 1991 die versekering gegee het dat hy bereid is om na redelike vertoë oor lewering na 1995 te luister. Uit 'n geskrewe antwoord op vrae van VWB blyk dit dat die tydskaal nie die kernoorweging was nie, maar net een van verskeie belangrike oorwegings, soos tegniese en ontwikkelingsrisiko's.

DIE LUGMAG ONTKEN dat dit R20 miljoen gekos het om die Ovid te bou en sê dié bedrag sluit die ontwikkeling van die saamgestelde materiaaltegnologie in, wat ander aanwendingsdoeleindes het. Marais hou vol die nagenoeg R20 miljoen was vir die ontwerp en bou van die Ovid self.

Krygkor is om kommentaar genader oor die deurlopende befondsing van die projek en in besonderhede oor al die ander onbeantwoorde vrae. 'n Woordvoerder was slegs bereid om te sê: "Ons staan by die minister (Gene Louw) se toespraak, wat gegrond is op 'n kabinetsbesluit."

Die besluit om die kontrak vir 60 opleidingsvliegtuie aan die Switserse Pilatus-maatskappy toe te ken, is verlede jaar geneem. Maar daar is mense wat voel dat Pilatus in die eerste plek nie die reg gehad het om te tender nie.

Krygkor het in 1989 'n uitnodiging aan Pilatus gerig om 'n in-diepte oudit op Projek Ovid uit te voer. Dit het volgens Marais alle aspekte van dié vliegtuig behels. Nou sê hy: "Pilatus was in die bevoorregte posisie om met die tender sy teenstander se produk in die fynste besonderhede te ken." In sy verslag oor die Ovid, wat blykbaar nie baie positief was oor die saamgestelde materiaal-tegnologie daarvan nie, sê Pilatus glo hy het die ondersoek só deeglik gedoen dat hy self nou die produk sou kon vervaardig. In Krygkor-korrespondensie aan Pilatus se agent word ook gesê dat die oudit waarskynlik "van meer as verbygaande belang vir Pilatus" kan wees.

AGTER DIE SKERMS word gegis oor die werklike aard van die verhouding wat sedert 1987 tussen Krygkor en Pilatus bestaan, en of dit die besluit oor die Ovid kon beïnvloed het.

Boonop word gesê die lewensduur van die Ovid is weens die hoë persentasie samegestelde materiaal wat daarin gebruik word, potensieel baie langer as dié van die Pilatus, wat hoofsaaklik van metaal gebou is. Albei word vir 12 000 vliegure gewaarborg en het dieselfde Kanadese enjin. "Die Ovid kan net sowel vir 100 000 vliegure gewaarborg word," sê Marais.

Nog 'n kwelling van die vervaardigers is die diskwalifikasie van die Ovid op grond daarvan dat dit glo nie 'n bewese produk is nie.

"Toe die keuse op die Pilatus val, was dié spesifieke model, die Pilatus PC7 Merk II, nog nooit in die lug nie," sê Marais. "Dit was nog op die monteerbaan en dié model verskil wesenlik van ander bewese modelle soos die PC7 wat Pilatus gebou het. Daarenteen het die Ovid NGT reeds verskeie vliegure agter die rug gehad."

Ná die keuse is gesê die Pilatus staan kop en skouers uit bo die ander, maar Marais sê hy haal waarskynlik nie eens al die vereistes nie. Volgens hom oorskry die plaaslike Ovid feitlik elkeen van die vereistes.

Dit klink dalk 'n bietjie na suur druiwe, maar Marais sê nee. "As die ander produk, (die Brasiliaanse Tucano, wat 'n halwe punt agter Pilatus was) gekies is, sou mens kon sê 'n waardige produk het gewen en kon mens terugstaan. Dit is nie die geval met die Pilatus nie."

DIE VLIEGTUIE SAL teen R520 miljoen aangekoop word, wat glo 9 persent goedkoper is as die plaaslike Ovid. Maar ernstige vrae hang oor die werklike langtermyn-instandhoudingskoste asook werkskeppingsgeleenthede wat nou verlore gaan. 'n TV-debat oor dié vrae word vir Maandag beplan.

Hoewel geen bewyse ingebring kan word nie, laat die blote omvang van die onbeantwoorde kwessies baie mense wonder of daar in dié keuse meer op die spel is as net 'n opleidingsvliegtuig.

Die hele debat het die week 'n sonderlinge wending geneem toe die president van Pilatus, dr Walter Goebler, afgedank is. Druk word nou al geruime tyd op hom toegepas om die kontrak met Suid-Afrika te kanselleer omdat dit strydig met die wapenverbod teen die land is. Switserland is neutraal en maak daarom nie vegvliegtuie vir ander lande nie.

Goebler het na bewering die lewering van opleidingsvliegtuie aan Burma gemagtig wat later gevind is dat hulle wapens in die vlerke kon dra en wel vir vegdoeleindes aangewend is. Hoewel Pilatus 'n onafhanklike maatskappy is, is die onthulling 'n groot verleentheid vir Switserland.

Pilatus het glo ook 53 PC7-vliegtuie aan Irak verkoop wat sproeitenks onder die vlerke het wat vir chemiese oorlogvoering gebruik kon word en moontlik teen die Koerde aangewend is. Terselfdertyd is 35 vliegtuie aan Iran verkoop.

Dié onthullings kan net die druk op Pilatus en op die Kanadese vervaardiger van die enjins verhoog om die kontrakte op te hef.

Die ANC het reeds gesê dat hy nie die kontrak gaan eerbiedig nie. Hy het dit veral teen die skending van die wapenverbod en die vermeende verlies aan plaaslike werkgeleenthede.

Transfer of African Language Knowledge

Learn Zulu, N. or S. Sotho, Xhosa, Tswana

TALK courses will show you how to learn an African language through contact with mother-tongue speakers

The following courses are planned, starting early May:

- Introductory courses - one day
- Basic courses - 7 weeks
- "Create your own Grammar" - 6 weeks
- Intensive "go-away" courses - 5 days

Venues: Yeoville, Brixton, N. Suburbs, Benoni, Troyville

Contact: Liz or Mmamora (487-1798)

Skande! Skok!

Diana se slaapkamergeheime! Piet Koornhof praat sy hart uit! Boggelrug-dwerg bieg oor sy ouma!

Jammer, dis nie *Vrye Weekblad* se styl nie. Daar is genoeg koerante en tydskrifte wat oor dié soort sake verslag doen.

***Vrye Weekblad* is die intelligente alternatief. Ons lesers is mense wat wil weet wat is die jongste tendensies en gebeure in die politiek, die nasionale lewe en die kunste. *Vrye Weekblad*-lesers hoef nooit met 'n mond vol tande te sit as daar intelligent oor enigiets gesels word nie.**

Die beste belegging wat jy vandag kan maak, is om in te teken op *Vrye Weekblad* en so te sorg dat jy dit nie een naweek misloop nie.

Die PWV-gebied, wat insluit Johannesburg, Pretoria, Verwoerdburg, Midrand, Sandton, Randburg, Roodepoort, Randfontein, Krugersdorp, Florida, Germiston, Alberton, Bedfordview, Kemptonpark, Benoni, Boksburg, Springs, Brakpan, Vereeniging en Vanderbijlpark.
In Transvaal is ons ook beskikbaar in die sentrale dele van Witbank en Nelspruit, en in die Vrystaat ook in sekere dele van Bloemfontein.

As jy buite een van die streke val, stuur ons VWB teen dieselfde koste per pos aan. So moenie elke Vrydag skarrel om jou gunsteling nuustydskrif in die hande te kry nie, stuur liewer nou R150 en ontvang VWB vir 'n jaar of R80 vir ses maande (BTW en aflewering ingesluit).

Vul dié vorm vandag nog in en stuur saam met jou tjek of poswissel aan:
VWB Verspreiding,
Posbus 177,
Newtown
2113.

Stuur VWB vir my per pos/tuisaflewering aan vir
☐ 1 jaar
☐ 6 maande

Naam .....
Adres (aflewering) .....
.....
Adres (korrespondensie) .....
.....
.....Poskode .....
Telefoonnommer .....

brolloks

DOPPER BORIS EN SY VODKA

SNAAKS hoe maklik 'n mens 'n vriend se sondes vergewe en vergeet, en hoe soortgelyke foutjies van 'n vyand opgeblaas word tot aartsondes.

Boris Yeltsin het laas Vrydag 'n belangrike toespraak voor die kongres van afgevaardigdes gelewer wat sy politieke lewe moes red. En toe daag hy half dronk op. Hy het gestotter en gestamel, kon nie sy woorde mooi artikuleer nie en kon nie die hele tyd sy notas lees nie.

Nogal 'n skande, sou Brolloks sê. Maar daar was byna nie 'n woord daaroor in die Amerikaanse of Britse media nie, ook nie die wonderlike CNN nie. Want die Weste sien Yeltsin mos as 'n soort messias in die ou Oos-blok.

Maar dit was nie altyd so nie. Toe Yeltsin net begin opgang maak het as 'n nasionale politikus en hy die vorige held van die Weste, Mikhail Gorbachev, begin opdraende gee het so 'n paar jaar gelede, het die Amerikaanse media gereeld in besonderhede oor sy drankprobleem verslag gedoen.

Brolloks onthou nog hoe die media te kere gegaan het met Yeltsin se eerste besoek aan Washington. Hulle het selfs iemand wat agter hom in die vliegtuig gesit het, laat tel presies hoeveel hy drink. (Dit was iets soos 'n bottel vodka, twee bottels wyn, 'n paar biere en 'n paar whiskies, as Brolloks reg onthou.)

Ook maar goed ons doen nie dieselfde met van ons kabinetministers nie...

'N WATSE LOBOTOMIE?

DIT gee Brolloks plesier as daar so af en toe iemand is wat 'n ding raakvat en reg sê. Twee van die raak beskrywings wat Brolloks dié week gelees het, is:

"De Klerk is trying to exercise a successful ballot box lobotomy of blacks by ignoring the past and concentrating on the future, while the past is still very much in the present." - Ismail Lagardien, politieke korrespondent van *Sowetan*.

"The country (SA) has a tortured past, a neurotic present and an uncertain future." - Paul Taylor, korrespondent van die *Washington Post* in SA.

WARM NUUS

HIER is die scoop van die week: Azapo gaan mense rekruteer, hulle oplei en dan laat terugkom Suid-Afrika toe om te kom veg.

Hoe weet Brolloks dit? Wel, hy lees tussen die reëls. Azapo-leier Jerry Mosala het dan laasweek verklaar: "Azapo will continue with the armed struggle against the regime." En Brolloks weet mos Azapo het nog nooit 'n soldaat van enige soort gehad of ooit 'n skoot in woede geskiet nie.

Soos die gesinnetjie wat in 'n restaurant sit en ná ete vra die pa vir 'n doggy bag. "Joee," gil die seuntjie van plesier, "ons gaan 'n hond kry!"

PASOP!

DAAR was dié week paniek in Maseru toe dit bekend word dat Pik Botha aangebied het om die twee strydende partye te help onderhandel nadat nóg 'n verkiesingsuitslag betwis is. Want hulle het onthou wat in Angola gebeur het toe Pik net na die verkiesingsuitslag dáár gaan help onderhandel het.

SKOK, SKANDE

AS daar een woord in die wêreld is wat hoemaluste se ore (net ore?) laat regop staan, is dit dié een: atoombom.

By ons was dit toe ook nie 'n uitsondering nie. Byna elke koerant het laasweek histeries geraak oor die "nuwe feite" en "skokonthullings" wat hulle gebring het - een het selfs 'n opskrif bo-aan 'n totale non-storie geskryf "Die WARE storie agter die kernbomme" - en agterna was niemand veel wyser nie behalwe dat dit kragtige bomme was en Israel waarskynlik gehelp het daarmee.

Brolloks sou baie eerder 'n ontleding wou gesien het van wat dit van die mentaliteit en psige van die vorige twee regerings sê dat hulle kernbomme gebou het om apartheid te verdedig.

DIE FEITE

BAIE is al gesê oor swart onderwys, en die regering het al baie myle se verskonings en verduidelikings daaroor gemaak.

Maar nadat alles klaar gesê is, bly die volgende feite een van die grootste skandes in Suid-Afrika vandag - en dit kom uit die mond van 'n senior amptenaar van die departement: Sowat een vyfde van swart onderwysers - dié wat die laagste gekwalifiseer is - verdien minder as R900 'n maand. En daar is nog 76 skole in Soweto wat nie eens elektrisiteit het nie.

KRIELE EN WIELE

ONS gaan eendag nog wrang terugkyk na Hernus Kriel se adolessente manewales, soos sy opnieude gestoom en blaas dié week oor MK. Van die NP kan 'n mens sê soos die oubaas gesê het toe hy 'n windgat jong man met tollende wiele sien wegtrek het (ekskuus, dis 'n gesinskoerant, hier is die aangepaste weergawe): Vandag is dit net Kriele en wiele, en binnekort is dit net pille en brille.

die eindelose sirkel

'n President kom aan bewind, vol beloftes van hervorming. Hy vertrek, skatryk en korrup. Die volgende president kom aan bewind, vol beloftes van hervorming... Dit het al 'n tradisie geword in Mexiko, skryf **ILAN STAVANS,** Meksikaanse skrywer en wenner van die 1992 Latino Literature Prize.

MEXIKO se verkiesingstelsel is vrot tot aan die kern. Al hou dit 'n skyn van demokrasie vol, klou die Partido Revolucionaro Institucional (PRI) regering al sedert 1929 kom wat wil vas aan 'n eenparty-regering. En moenie te seker wees Carlos Salinas de Gortari, die huidige president, gaan werklik vrye verkiesings toelaat wanneer sy ampstermyn van ses jaar in 1994 tot 'n einde kom nie.

In 1988 het dié Harvard-gegradueerde op 39-jarige ouderdom aan bewind gekom ná 'n strawwe verkiesingswedloop waarin hy sy mededinger Cuauhtémoc Cárdenas met 'n kortkop geklop het.

Cárdenas, 'n opgeleide ingenieur en die voormalige goewerneur van die staat Michoacán, is die seun van 'n nasionale held en 'n baie gewilde populis. Hy het die luidrugtige Frente Democrático Nacional (FDN) voor die 1988-verkiesing georganiseer om respek vir die grondwet te eis en die PRI te beskuldig van korrupsie en 'n diktatorskap.

Toe die eerste stemuitslae bekendgemaak word - meestal ongunstig vir Salinas - het die rekenaarbeheerde stemteller op geheimsinnige wyse ingegee. Kort daarna het Salinas op 'n oorwinning aanspraak gemaak. Hy is as president ingehuldig met net 50,7 persent van die amptelike nasionale stemtal. Die oomblik toe hy die mag oorgeneem het, het hy belowe hy sal die verkiesingstelsel hersien en klein partye nooi om aktief deel te neem in wat gelyk het na 'n nuwe demokratiese gees. 'n Goeie vertoning. 'n Oortuigende leuen.

Nadat Cárdenas verlede maand aangekondig het hy gaan hom weer verkiesbaar stel as president, is die 1994-wedloop reeds in volle swang. Salinas word deur die wet verbied om hom herkiesbaar te stel, en hy het nog geen opvolger gekies nie. Maar wie ook al gekies word, sal die geskiedenis aan sy kant hê.

Van fiesta tot begrafnis volg die ampstermyn van Mexikaanse presidente altyd dieselfde patroon. Met 'n rolverdeling van verfrissende gesigte en 'n eindelose lys verleidelike beloftes word die eerste twee jaar aangebied as die kuur vir 'n seisoen van kollektiewe wangedrag. Die nuwe leier, wie se verlede die media nooit waag om te ondersoek nie, word voorgehou as 'n eerlike, goedgemanierde, gewone mens, die besitter van 'n handvol oënskynlik "buitengewone" eienskappe soos patriotisme en ordentlikheid. Hy gaan die gemors opruim wat sy voorgangers agtergelaat het deur die mees berugte bandiete aan te keer en almal te straf wat hul mag misbruik het om gunste en gawes te bekom. Korrupsie, lyk dit, gaan met wortel en tak uitgeroei word.

MIGUEL DE LA MADRID, byvoorbeeld, wat van 1982 tot 1988 aan bewind was, het sy termyn begin deur te dreig om sy voorganger, José López Portillo, in die tronk te smyt - 'n man wat aan die einde van sy termyn al een van die rykste mense in Latyns-Amerika geword het. Om sy mag te wys het De la Madrid inderdaad 'n handjievol politici laat toesluit, onder andere Jorge Díaz Serrano, eens die opperbevelvoerder van die nasionale olienywerheid. De la Madrid het ook die bevolking verseker dat 'n hersiening van die nasionale etiese kode op hande was: No más mordidas. So vestig die inkomende president sy reputasie deur die verlede te bespot en die bevolking te oorreed om sy planne vir 'n beter toekoms te steun. Dit maak nie saak dat die stelsel nog nooit sonder korrupsie voortgegaan het nie.

In die tweede derde van die termyn - die middelste twee jaar - word beloftes beleide. 'n Nuwe benadering van die ekonomie en die buitelandse beleid word aangepak. Dinge raak beter bloot omdat hulle anders is. 'n Hersenskim, natuurlik.

In sy derde en vierde jaar het Salinas sy mense oortuig dat die ou tradisie van suidwaarts kyk - met die verstandhouding dat Mexiko deel van die Suidelike Halfrond is - nie die weg na toekomstige ontwikkeling is nie. Pleks daarvan moes die land noordwaarts kyk, Gringolandia nie meer as die bose ryk beskou nie, en deel word van Noord-Amerika deur kragte saam te snoer met Kanada en die VSA. Sy oplossing was die Noord-Amerikaanse Vrye Handelsverdrag.

GETROU AAN DIE tradisie het Mexiko beter begin voel: vol vertroue, selfversekerd, met die oë gerig op 'n blink toekoms. Dié gevoel van nabyheid aan el coloso del norte dring selfs die kultuurlewe binne. Ek is genooi om verlede jaar die Internasionale Boekefees van Guadalajara by te woon, wat as tema gehad het: "Mexiko en die VSA: 'n Dialoog". Ek is gedurig herinner aan Alan Riding se boek Distant Neighbours, oor die eienaardige gaping tussen die twee buurlande. Skrywers van albei kante van die Rio Grande het hul werk "deur die ander se oë" probeer bespreek. Chicanos was duidelik 'n noodsaaklike bestanddeel van die geleentheid: dié mense, wat waarlik in die voorposte woon, praat dikwels albei tale, Spaans en Engels, en dien as kulturele brûe wat aan die VSA dit wat Mexikaans is, uitlê - en andersom.

Wat my geskok het, was hoe na aan mekaar ons gevoel het. 'n Stemming van vennootskap het geheers terwyl Salina se skadu stil op die agtergrond opgedoem het. Die geleentheid in die geheel het sy hoop op 'n herontmoeting gevier. Weg met stereotipes, weg met voorvaderlike misverstande gegrond op waarhede wat in die vertaling verlore geraak het.

En tog, en tog... Aan die vooraand van Salina se laaste twee jaar word die patroon van elke presidensiële ampstermyn al weer duidelik. Gerugte, fluisterstemme, onbevestigde inligting - die laaste derde van elke regime word oorheers deur 'n gebrek aan vertroue en 'n gevoel van kollektiewe onsekerheid. Eers kom die bevolking te hore van 'n moontlike coup. Dan word 'n foto versprei wat wys hoe die leier se vrou duur juwele in 'n boetiek in Parys koop. Dis alom bekend dat Luis Echeverría en José López Portillo die laaste "derde" van hul regimes gebruik het om die banke se reserwes leeg te melk, om rekeninge te open in Switserland en elders in Europa, om herehuise met baddens in die Romeinse styl te bou - kortom, om soos konings te lewe.

IN DIE VOLGENDE dekade kan Mexiko dalk in nog 'n Puerto Rico verander, 'n soort gemenebes waar individualisme volgens die Engelse en Amerikaanse styl alomteenwoordig is, maar die demokrasie sal beslis steeds afwesig wees en korrupsie aan die orde van die dag. In 'n paar onlangse staatsverkiesings wat deur opposisiepartye as "vuil" verklaar is, het Salinas 'n PRI-kandidaat gesteun wat in die aangesig van enorme protes in sy amp ingesweer is. Gerugte begin die ronde doen.

Een gerug wil dit hê dat die president se suster op die punt staan om die korporasie te koop wat belangrike tydskrifte besit soos Artes de Mexico, 'n hoogs gerespekteerde, winsgewende fototydskrif met 'n aanhanger van Octavio Paz as redakteur. 'n Ander gerug wil dit hê dat Salinas self 'n skuilnaam gebruik om die eienaar te word van die koerant El Nacional en die regering se televisiekanaal Imevisión, wat op geheimsinnige wyse in die mark gekom het. 'n Derde onbevestigde bewering beeld Salinas uit as reeds skatryk, die eienaar van reusagtige sake-ondernemings en nywerhede binnelands sowel as oorsee.

Die goed-georkestreerde gees van onsekerheid maak dit onmoontlik om enige van dié gerugte te bevestig of verkeerd te bewys. As ervaring as getuienis moet dien, is die enigste sekerheid dat die laaste derde van vorige presidensiële ampstermyne soos klokslag rampspoedig was.

Niks dui daarop dat die patroon dié keer verbreek gaan word nie. Oneerlikheid is so springlewendig soos ooit in Mexiko. Demokrasie bly 'n ideaal. Wat beteken dat Salinas, wat vier jaar gelede as 'n diktator beskou is, binnekort weer soos 'n skobbejak behandel sal word. En sy opvolger, 'n president wat weer eens deur die PRI aangewys is, sal 'n verfrissende hervormer wees - ten minste tydelik.

Die geskiedenis, soos Friedrich Nietzsche en die Asteek-priesters van Tenochtitlán altyd gesê het, is 'n siklus, 'n ewige terugkeer.

Kopiereg: *In these Times*

Luanda from the Ilha peninsula.

angola: hope is small consolation

The writer with military on the road to Caxito.

The best thing about Angola is that people just keep on living their lives, and doing their best, despite the horror that surrounds them, writes **HAMILTON WENDE.** But even the millions of good people living their lives with simple courage and hope do not dispell one's despair for the country's future

"HOW do you like Luanda?" the foreign aid worker asked me. How does a South African answer that? It's like asking Oliver Stone: "How do you like Ho Chi Minh City?"

It is almost impossible to describe how horrible life is in Luanda. The evidence of decay, war and neglect is everywhere: rusting hulks of cars and containers littering the bare patches of red, sandy soil that were once parks; the mounds of rotting garbage lying on the sidewalks; the mini-lakes of raw sewerage in the potholes in the city streets that children are splashing around in - leading to a massive cholera outbreak (203 cases in January, 467 in February, and rising). And the smell of it all, made almost unbearable by the brutal heat.

Luanda is a cul-de-sac on the road to nowhere, a city trapped in a time warp. Except for the vast, ridiculous, half-completed, Soviet-designed mausoleum to Augustinho Neto, nicknamed "the rocket", and a few ugly Cuban apartment blocks, nothing has been built since 1975 when the Portuguese left, and what remains is mostly falling apart. Filthy neon signs from the colonial days advertising beer and discos hang from the sides of buildings, there are still palm trees lining the "Marginal" - the road running around the beautiful bay (now filled with raw sewage) but the tiny, hand-laid, black and white paving blocks have all long since been torn up, and the promenade is lined with rubbish and broken lampposts.

Luanda, in fact, Angola itself, is a bitter place to try and come to terms with. It is Riaan Malan's worst nightmare. How can anyone even begin to be honest about a place so swirling with ironies and contradictions, and so much suffering? Who is to blame for it all? The colonialists? Yes. They pulled out overnight and left nothing behind. The communists? Yes. Their whacky economic theories ground what little was left of Angola's economy after the Portuguese had fled into dust. The Cold War? Yes. Angola with its wreckage of MiGs and burnt-out Stinger missiles is the garbage dump of Soviet-American imperialism. South African intervention? Of course.

Colonialism, communism, the Cold War, the Cubans and Koevoet - the alliteration of the lunacies that have plagued Angola's people for nearly thirty years now. They have all helped to make up Angola's present nightmare...

AND YET, AND YET, we pass a dusty patch of ground that has a notice overhead saying: "Park for Children". It is overwhelmed by piles of foul-smelling garbage, and rusting chunks of metal that were once cars, washing machines, and fridges. "Nobody cares anymore," an Angolan acquaintance says to me as we drive past. I cannot help thinking: if Angolans no longer care, then who will?

And only a few months ago, there was so much hope. Where did it all go? There is only one man who has the answer to that question: Jonas Savimbi.

And to a number of other questions, for that matter. Why did he not accept the results of the elections that were generally regarded as free and fair? Why did he not demobilize his troops in terms of the Bicesse accord? Why did he start fighting again? Who is giving him the support to keep fighting? And, most important of all, where is he?

The only thing anyone knows is that the fighting continues. Day in and day out. Diplomatic sources say that the battle for Huambo, before its capture by Unita, was the largest conflict on the planet earth this year. Estimates are that at least 15 000 people died in the struggle for Huambo, but it could be more. No one knows for sure. Angola's new civil war is a war without witnesses. No one - aid workers, journalists or foreign observers - has been allowed near Huambo while the fighting was going on or afterwards.

The government controls the majority of the major cities and most of the coast, but Unita holds almost all of the countryside. It seems clear, however, that the MPLA has the support of the majority of the people. Wherever Unita has taken a town or a part of the countryside, there are thousands of refugees who flee to the government-held areas. The refugee problem is growing daily. The government estimates the number of displaced people at 1,7 million, soon expected to be 2 million. "We are pleased with that estimate," says a World Food Program spokesperson. "It is definitely too low, but it means that the donors are likely to respond. They are not going to be scared off by unrealistic figures."

LUENA, IN EASTERN ANGOLA, 300 km from the Zaire border, once a bustling town on the Benguela railway line, is a typical Angolan country town besieged by Unita. Tens of thousands of refugees crowd the city streets. "There are at least 70 buildings with over 1 000 people living in them," says a UN official who is based there. Food aid comes in irregularly, as the pilots have to come in from a high altitude and spiral down to the runway in a tight circle to avoid being shot at by Unita troops who are hidden in the bush only a few kilometres away. It is in Luena that you can see the beginnings of a sub-tropical Somalia beginning to happen. The brutal irony is that the land is lush and incredibly fertile, but no one can cultivate anything because of the war. Already, in some cooking pots on the crowded streets, you can see leaves and grass being boiled for the evening meal - all that the family could find that day.

The civilian hospital is closed for lack of supplies. In the military hospital the floor is covered in dried blood, and two wounded soldiers lie comatose on mattresses black with old blood. One of them breathes irregularly. It is the first time I have heard a death rattle coming from someone's throat. The orderly takes a bucket of dirty bandages and used needles and throws them into the mud outside. Further up the road, a dead dog lies swollen and bloated in the middle of the street.



A child in a refugee camp north of Luanda.

As soon as the sun goes down in Luena, the shooting begins. We are sitting on the balcony of the WFP house in the middle of town. Our police guards are smoking cigarettes. One is on the balcony, the other is in a small bunker dug into the ground in the front garden. The moonlight on the giant frangipani bushes turns the leaves silver. Suddenly, there is the pop-pop-pop-crash-crash-crash of AK-47 fire and then the rhythmic thud of a larger calibre machine-gun. Cherry-red tracers arc across the darkness of the night sky.

There is no return fire. It was just a warning burst to let Unita know that the town is defended. All night there is the crackle of AK-47 fire, and the thud of mortars in the distance. How much of it is actual fighting, and how much is just warning fire is difficult to tell, but every night it is the same. Unita is out there in the darkness somewhere, and the firing cannot all be warning shots.

WE CANNOT GET any nearer the fighting to see things for ourselves. We go to Cubal, Malange, Caxito but there is no concrete information about anything. Angola is a country where rumour has replaced reality. In Benguela they tell you that Unita makes sandwiches of live crabs and tooth-paste and eats them. There are reports from Huambo that Unita has killed all the whites and mulattos. In Malange, a refugee says he saw dead white men with South African radio equipment on them. How does he know it was South African? (It could well be.) His friend told him. In Luanda, they won't take $100 bills from 1988 because the rumour is that most of them printed in that year are forged. And the next day there is another rumour on the streets: the French Foreign Legion has crossed the border from Zaire and has recaptured the northern oil-producing town of Soyo from Unita. Vorgen, the voice of the Black Cockerel, Unita radio, counters by saying that Soyo has fallen to a force of South African and other mercenaries.

Finally, it emerges that the government has taken Soyo. What exactly happened, and when it happened, no one is quite sure. But one thing everyone is certain of: there is a mass grave containing the bodies of a number of white mercenaries. Where is the grave? the foreign press wants to know. No one is exactly sure. Could the bodies be exhumed? Of course. But no bodies are ever produced.

I spent a month in Angola and there are only a few things that I know for sure: a full tank of petrol costs the equivalent of 40 US cents, bar Aberto is the best pub in southern Africa, and the government won the elections and has the support of the majority of the people. I can't vouch for anything else, except the people themselves.

I met so many good people there, so many people who lived their lives with simple courage and hope - real hope, not the easy optimism of a full belly and a country at peace. The best thing about Angola is that people just keep on living their lives, and doing their best, despite the horror that surrounds them.

BUT AS THE PLANE took off from Luanda airport, screaming past the twisted wreckage of fighter planes lying next to the runway, and over the sprawling slums on the outskirts of Luanda that go on and on for miles, I began to wonder: is some half-slumbering version of Angola's nightmare going to be our fate in South Africa?

It's not a question I can shrug off with easy optimism anymore. Even millions of good people living their lives with simple courage and hope is not enough for Angola. It no longer seems as if it is enough for us either.

A street scene in the besieged Luena.

The skeleton of a Unita soldier in Caxito, killed in battle in November.

die volksrepubliek van angola

- **Bevolking:** 8,7 miljoen.
- **Bevolkingsdigtheid:** 18 per vk myl.
- **Etniese samestelling:** Ovimbundu 38 persent, Kimbundu 25 persent, Bakongo 13 persent.
- **Godsdienste:** Rooms Katoliek 38 persent, Protestants 15 persent, inheemse gelowe 47 persent.
- **Hoofstad:** Luanda met 1,1 miljoen inwoners.
- **Staatshoof:** President Jose Eduardo dos Santos, 51.
- **Ekonomie:** voedselverwerking, tekstiel, diamante, koper, olie, koffie, piesangs, vis.
- **Vervoer:** 122 000 passassiersmotors, 44 000 handelsvoertuie.
- **Kommunikasie:** 1 TV-stel per 200 inwoners, 1 radio per 22 inwoners, 1 telefoon per 122 inwoners.
- **Gesondheid:** lewensverwagting by geboorte 42 jaar vir mans, 46 jaar vir vroue. Een dokter per 13 489 mense.
- **Geletterdheid:** 40 persent.

(Bron: *The World Almanac and Book of Facts* 1993. Die feite is duidelik versamel voordat die volksaalse burgeroorlog in November verlede jaar losgebars het.)

briewe



DIS GESINDHEDE WAT SAAKMAAK

FRIK DE BEER VAN DIE DEPARTEMENT ONTWIKKELINGSADMINISTRASIE BY UNISA SKRYF:
Na aanleiding van Max du Preez se "Ons moet begin praat oor Afrikaans" (WWB 19-25 Maart 1993) wil ek graag vertel van 'n gebeurtenis in die week waarin die artikel verskyn het:

Die wittes, omtrent 'n derde van die groep, het grootoog in die hoek gesit toe die swartes begin sing en dans neffens die braaivleisvuur. Die wittes het dit geniet, ja, maar nie mooi geweet hoe om te reageer nie.

Kom maak 'n kring, is hulle nader genooi. Nie lank nie of die wittes sing "Suikerbossie" asof hulle swartmense is; en hulle sing nog 'n lied dat die grasdak bewe. Swartes word nie so maklik geklop nie, so hulle sing weer: Sizwe begin toyi-toyi - skugter maak 'n witte of twee 'n paar passies. Maar wag, die wittes kom by en sing "Afrikaners is plesierig" en doen tot volkspele, uitbundig plesierig, "Hoe ry die trein".

Nou weer die swartes, maar hulle sing eers Zoeloe, toe Engels en, ja, improviseer dieselfde lied in Afrikaans. Almal sing saam. Ons sing Shosaloza (kan dit nie spel nie, kan dit nie uitspreek nie en weet nie wat dit beteken nie, maar ons sing!).

Arnie val weg met "Sarie Marais", Sizwe sing saam; hulle toyi-toyi "Sarie Marais"! Almal sing en/of dans. Dis jolig, dis prettig. Later die aand, rustiger in 'n kring, word geestelike liedere gesing: 'n gebed in Zoeloe, Engelse weergawes van swart liedere. Die mense raak moeg en vertrek na hulle slaapplekke. 'n Handvol bly agter om te sing - die Afrikaners in die groep bevry van vooroordele en van die dodelike inhibisies waarmee hulle grootgeword het.

Dié verhaal het hom afgespeel by 'n vakansieoord in Wes-Transvaal waar 'n groep staatsamptenare onderrig ontvang het vir 'n "Certificate in Participative Development" aangebied deur Unisa se Sentrum vir Ontwikkelingsadministrasie. Die kursus handel oor gemeenskapsontwikkeling, die metodes is een van deelnemende kennisskepping. Die kursus is nie 'n emosiebelaaide gospel-ervaring nie. Dis 'n prakties en werksgerigte opleidingskursus vir gemeenskapswerkers.

Op die eerste dag van die kursus het die swartes duidelik gesê: "Speak English, we do not understand Afrikaans." Die Afrikaners uit Wes-Transvaal het swaar gekry. In klein groepe het kultuur, vrese, en die lewensbeskouings van elke groep onder bespreking gekom. Daar is reguit en eerlik gepraat.

The moral of the story: witmense se vrese is besweer en swartmense het begin ervaar dat hulle as MENSE beskou word. Wit sowel as swart se ervaring was gedeeltelik; stereotipes word nie in 'n week afgebreek nie. Maar wit het oopgemaak en swart aanvaar. Die boodskap aan die Afrikaners was: aanvaar my as mens en ek gun jou die ruimte om Afrikaans te wees.

Vrydagoggend tydens die laaste groepbespreking sukkel die swarte Johannes om homself goed in Engels uit te druk. En sy swart suster sê: "Praat Afrikaans, Johannes, ons almal verstaan"; en Maandag se "taalagitator" sit in die groep en glimlag vriendelik.

Die Afrikaanse kultuurindoenas kan praat en fondse stig tot hulle blou in die gesig is. Totdat (wit) Afrikaners swartmense as volwasse mense aanvaar en behandel sal Afrikaans 'n bedreigde taal bly. Die toekoms van die taal sal verseker word deur gesindhede, nie deur duur en aggressiewe veldtogte nie.

Ons moet begin praat oor Afrikaans, ja, maar ons moet veral begin om met swartmense te praat oor ons gesamentlike toekoms - al praat ons Engels.

Swartmense sal ons vrese besweer en ruimte vir ons skep om in 'n verenigde Suid-Afrika steeds Afrikaans te wees, slegs as Afrikaners swartes menswaardig behandel.

AFRIKAANS IN DIE KOMBUIS

THEO VAN DER MERWE VAN MORETELAPARK, PRETORIA SKRYF:
Ek deel u besorgdheid oor Afrikaans, maar vind u naïwiteit verstommend ("Sal die SAUK nog lank 'goeiemôre' sê?" (WWB 26 Maart - 1 April 1993). Enige mens wat glo dat daar enige hoop is vir Afrikaans as hy sy ampstatus verloor, lewe in 'n genoeglike gekkeparadys.

Afrikaans sal dan weer terug wees in die kombuis vir hoogstens 'n geslag of twee. Afrikaans sal nie op die radio en televisie ('n magtige medium in ons hedendaagse lewe) gehoor word nie, nie in die staatsdiens en howe gepraat word nie, nog verder deur die sakesektor misken word, nie op die skoolbanke gepraat word nie. (Hoeveel mense sal bereid wees om hul kinders Afrikaans op te voed as die kind die taal net in die huis kan praat? Vir ekonomiese oorlewing sal dit noodsaaklik wees om eerder goed in Engels onderlê te word.)

Afrikaans word erg gekniehalter deur sy noue verbintenis met apartheid, maar u vergeet heel gerieflik daarvan dat die stryd teen Afrikaans gevoer is lank voordat die apartheidsbordjie om sy nek gehang is. Na my mening sal 'n mens ver moet soek vir groter taalimperialisme as dié van Engelssprekendes. (Onthou u nog prins Charles se opmerking van 'n paar jaar gelede dat daar net Engels in die hemel gepraat sal word.)

Ongelukkig spreek dié mentaliteit nou al vir jare in *The Star* se briewekolomme. Dit is verskriklik naïef om te dink dat Afrikaans teen 'n magtige taal soos Engels staande kan bly as hy net aan sy eie genade oorgelaat word.

Ek is van mening dat Afrikaanssprekendes in geen onduidelike taal sal moet toon dat hulle nie bereid is om Afrikaans op te offer vir 'n nuwe (of ou) Suid-Afrika nie. Sou ek Afrikaans opoffer omdat my christelike gewete vir my sê ek moet verbitterdes en gegriefdes op dié manier gelukkig maak, weet ek tog uit ervaring dat verbittering en gegriefdheid nie deur so 'n stap genees sal word nie. Sou ons dit wel doen, wat bly dan vir my oor?

My diepste wese, gedagtes, denke, emosies vind beslag in my moedertaal. Afrikaans is een van die groot redes waarom ek die land nie kan vaarwel roep nie. Dit gee vir my 'n venster op die lewe wat geen ander taal kan nie, dit open nie net Afrika nie, maar ook Europa. U naïewe idealisme en wensdenkery help grawe die graf van ons taal.

BEHOU DIÉ SIMBOLE

B LINDE VAN PRETORIA SKRYF:
Ek wil reageer op Max du Preez se rubriek oor Carl Niehaus en nasionale simbole (WWB 12-18 Maart 1993).

Waarom in Godsnaam moet die bestaande simbole vervang word? Kwansuis omdat dit dan die grootste deel van die massa Suid-Afrikaners aanstoot gee en herinner aan "apartheid". Ek is seker baie swartes sal trots wees om 'n Springbok te wees. Hulle kan mos inskakel by die simbole en weet dat dit nou niks meer met apartheid te doen het nie. Moet ek nou eers al my wit meubels in my huis swart verf om hulle te laat tuis voel?

Die venynigste simbool van apartheid is tog seker jou en Niehaus en my wit vel. Moet dit ook fisies verander word?

Klaas de Jonge is in die middestad van Johannesburg beroof (apartheid?). No, no don't I am ANC. I am ANC!! Dit het nie gehelp nie - hy is wit! Kaunda is besteel (apartheid?)

Jy skryf: "Niehaus self en die nie-regse studente het 'n politieke verdraagsaamheid aan die dag gelê wat 'n mens graag wil sien bloei en groei in ons land." Maar die manier waarop jy die studente probeer slegsê in jou skrywe is wragtag baie ver van verdraagsaam. Al wat jy veroorsaak is om die regses se haatveldtog aan te hits. Is die Wits-studente verdraagsaam as iemand daar praat wat anders as hulle dink? Niehaus en Mandela sal iets aan daai patetiese stemmetjies van hulle moet doen voor die verkiesing.

Julle mense (ook baie skrywers, jy weet wie hulle is) wat so opkom vir die swartes, is nie eerlik nie. Julle gaan ook maar net tot by 'n punt en as die swartes te naby kom - hokaai! Die gewone swartes glo julle nie! Preek! Preek! Terloops jy verwys na die "gewone Afrikaanssprekendes". Nou wie de hel is hulle dan? Is jy 'n ongewone Afrikaanssprekende? Bietjie hoër en slimmer? of witter? of donkerder? of heiliger en eerliker?

Jy het seker gesien hoe Chris Barnard te kere gegaan het toe 'n swart vrou aangewys is as besgeklede vrou van die jaar en nie sy eie wit vrou nie. Let maar op hoe gaan die DP's tekere as daar naby hulle geplak word.

Julle sal hulle net oortuig as julle bereid is om te doen wat Elna Boesak gedoen het. Of is dit te veel gevra? Bly weg, daai stank!!

Ek het baie jare gelede ook in die bio gesien hoe 'n groot sterk man 'n 15-jarige dogter met sy duime in die ribbes pomp omdat sy nie wou opstaan vir "God Save the King" nie. Jy kon sien dit was bleddie seer, maar sy het bly sit. So Jansie moes ook nie gesing het nie, net gegrens het. Jy sê dit het die studente diep geraak, dis mos al baie ou nuus, jy kan nie elke keer daaroor huil nie.

WHERE'S THIS CELL?

JEREMY CRONIN, MEMBER OF THE SACP CENTRAL COMMITTEE, FROM JOHANNESBURG WRITES:
Perhaps your correspondent, Hennie Serfontein, can help us trace an SACP branch that he seems to know about, but of which we have not the slightest record?

Following an unsourced *Rapport* front-page story, ▶

Serfontein tells us that Winnie Mandela is a longstanding member of the SACP (VWB 19-25 March 1993), and that she belongs to the "Dan Tloope Cell". That is interesting.

When and where does this SACP structure meet? Who is on the branch executive? How can we contact it?

Ever since its unbanning the SACP's grass-roots organisational structure has been the branch (not a cell). I have contracted our PWV region. I have gone through our head office records... but I cannot find the slightest trace of this mysterious branch/cell.

Perhaps Serfontein knows something we don't. Or perhaps Serfontein should be a little less gullible when it comes to Rapport inspired headlines!

(Serfontein replies: Maybe I do know something you don't. My source was a lot closer to the SACP than Rapport.)

BRIEF AAN MINISTER

PJD LOURENS VAN QUELLERINA SKRYF:

Jurie de Wet se artikel oor die Moordkultuur (VWB 5-12 Maart 1993) is lankal nodig. In Maart 1990 het ek die volgende briefie aan die minister van Wet en Orde geskryf en in 'n koevert geplaas. Die koevert is nooit gepos nie; ek was destyds deeglik bewus van die selfgenoegsaamheid van ministers, wat papierrolletjies van ernstige briewe maak. 'n Mens moet seker 'n stokperdjie hê terwyl die miljoene inrol.

"Ek moet ten sterkste beswaar maak teen die gebruik wat al jarelank by sommige polisie-amptenare bestaan, om ongewapende aangehoudenes wat 'probeer ontsnap' summier dood te skiet. (Dit moes u ook opgeval het hoe geredelik persone wat agtervolg word, 'selfmoord pleeg'.) In enige beskaafde land is dit tog die plig van die polisie om persone wat probeer ontsnap, in te hardloop of, as die amptenaar onfiks is, in die been te skiet. Miskien is sommige van u amptenare onbevoeg om vuurwapens te hanteer.

"Van respek vir die lewe, van 'n regsorde of van professionaliteit is daar geen sprake nie. U kyk siederoë toe dat amptenare met die 'eliminering' van verdagtes die gereg dwarsboom en die howe minag.

"U amptenare is besig om van die naam van die Afrikaner 'n walg te maak.

"Aangesien u klaarblyklik nie gewillig of in staat is om die polisiemag te dissiplineer nie, wil dit voorkom of... die tyd vir u bedanking aangebreek het."

ONDERHANDEL OOR DIE MEDIA

DERRICK AMOS VAN MITCHELL'S PLAIN SKRYF:

Hoe nader ons aan die eerste nie-rassige verkiesing beweeg, hoe belangriker word die rol van die media. "Oningeligte" Suid-Afrikaners - en die oorgrote meerderheid is oningelig weens die perswetgewing van die Botha-regime - maak hulle keuses hoofsaaklik uit die land se koerante. Luister maar na Paul Modise se "Talk Back Show" op Radio Metro en 702 se geselsprogramme en dit word duidelik.

Die rol van die media gaan dus sentraal staan in die stryd rondom die "hearts and minds" van die mense (wit, swart en sommige onderskei selfs bruin). Laat ons onsself nie kul nie: die Nasionale Party het toegang tot al die establisment-media. Dit is bewys met die referendum verlede jaar toe redakteurs agter De Klerk se ja-stem ticket ge-rally het. 'n Telefoonoproep hierso en daarso, sal dinge gou regmaak.

As voorbeeld: Wes-Kaapland. Nasionale Pers se *Die Burger* het 'n monopolie op die Wes-Kaapse Afrikaanse mark (wat ook 'n groot groep bruin/swart Afrikaanssprekendes insluit), daarby het hulle 50 persent aandeel in *Rapport*. Izak de Villiers se rubriek wys sy steun vir De Klerk duidelik uit. Anglo se Times Media en Argus-company het onderskeidelik *The Cape Times* en *The Argus* in die Kaap - die twee steun gewoonlik die DP, maar dis onwaarskynlik dat hulle hul geld op dié party gaan sit in 'n groter stryd tussen die ANC en die NP (wat moontlik soos die DTA gaan uitsien). Inteendeel die voormalige Prog-pers het reeds met die UDF-stryd en die referendum hul ware kleure gewys.

Dan is daar "His Master's Voice" - die SAUK. Die NP se suur druiwe ná die *Agenda*-debat (28 Feb 1993) het net gewys hoeveel hulle in die verlede op staatstelevisie gesteun het.

Daar sal dus dringend by onderhandelinge na die media-kwessie gekyk moet word, anders kan partye soos die ANC, PAC en Azapo 'n onregverdige agterstand hê in die verkiesing.

(Brief verkort - Red)

Briewe korter as 300 woorde geniet voorkeur.
Rig briewe aan:
Die Brieweredakteur VWB Posbus 177
Newtown 2113

BESTUURSONTWIKKELINGSPROGRAM

UNISA SE BOP HELP MIDDELBESTUURDERS MET DRYFKRAG OM UIT TE BLINK

REGISTREER VOOR 30 APRIL

Unisa se Nagraadse Skool vir Bedryfsleiding (SBL) wag aansoeke in vir deelname aan die 20ste Bestuursontwikkelingsprogram (BOP) wat op 1 Julie 'n aanvang neem. Sedert sy ontstaan in 1972 geniet die BOP wye erkenning as 'n program wat aan vooruitstrewende middelbestuurders 'n uitmuntende geleentheid vir loopbaanontwikkeling bied. Die praktiese, relevante aard van die programinhoud rus bestuurders toe met 'n omvattende kennis van organisasies wat die individu en die organisasie bevoordeel.

Sleutelfaktore wat tot die BOP se sukses bydra, is die gerief van deeltydse studie wat verder verryk word deur studiegroep-interaksies – 'n forum vir besprekings, onderrig en persoonlike ontwikkeling. Die BOP geniet 'n lang verbintenis met die moederliggaam, Unisa, en 'n BOP-sertifikaat word aan deelnemers wat die kursus suksesvol voltooi uitgereik. Die program duur 12 maande.

Daar bestaan gespesialiseerde opsies binne die BOP-programstruktuur. Vir nadere besonderhede en 'n brosjure, skryf asseblief aan:

Die Mededirekteur: BOP
SBL Unisa
Posbus 392
Pretoria 0001
Of skakel Deanna Vogét by
012-3226777
(Faks 012-3200421)

SBL
NAGRAADSE SKOOL VIR BEDRYFSLEIDING
UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

LEIERSKAP IN DIE PRAKTYK



Waiting Room, 'n triptiek (olie en gemengde media op doek) deur Neil Goedhals. Versameling: Johannesburgse Kunsmuseum.

'n agterdog jeens alle sekerhede

JOHANNES BRUWER kyk na die oorsigtentoonstelling van **NEIL GOEDHALS** se werk in die Gertrude Posel-kunssaal by Wits, saamgestel deur Michelle Jersky en Rhoda Rosen

DIE vrae wat Neil Goedhals (1957-1990) in sy konseptuele kunswerke oorpeins, raak nie net die aard van kuns en kunstenaarskap nie, maar ook die aard van die lewe en menswees. Hy ondersoek naas estetiese vraagstukke ook lewensbeskoulike vraagstukke - vraagstukke van belang vir elke mens wat nie bloot wil bestaan nie, maar betekenisvol wil lewe.

Om betekenisvol te leef, aanvaar Goedhals as uitgangspunt, moet 'n mens verantwoordelikheid aanvaar vir jou dade - hetsy as mens of kunstenaar - deur die volle implikasies daarvan aktief te probeer begryp. Die dilemmas, teenstrydighede en pynlike ironieë van dié strewe na begrip ('n begrip wat nooit volslae bereik kan word nie) is die onderwerp van sy kunswerke. Al is hulle dikwels kompleks, is hulle toeganklik vir elkeen wat dié strewe deel.

In die kuns, soos in die lewe, is handeling 'n voorvereiste vir betekenis, wys Goedhals uit in werk no 98 (wat aansluit by Hamlet se dilemma: ook die keuse om nié te handel nie het verreikende implikasies). Dit bestaan uit 'n voorbereide skilderdoek, steeds ongebruik verpak in 'n sellofaan-omhulsel, waarop Goedhals die woorde FACE VALUE met afvryfletters aangebring het.

Een implikasie van dié stelling is dat betekenis nie sonder 'n maatskaplike diskoers omskryf kan word nie. Op sigwaarde alleen het die werklikheid wat die kunstenaar ervaar ewe min betekenis as die leë seildoek. Om betekenis aan sy ervaring te gee moet die kunstenaar dit vertolk, dit in 'n subjektiewe konteks plaas, 'n persoonlike reaksie daarop omskryf. Die geldigheid van dié vertolking kan egter net gemeet word deur dit te deel, deur dit aan andere te kommunikeer. Deur dié kommunikasie-daad, die skepping van die kunswerk, tree die kunstenaar in wisselwerking met ander mense en word die persoonlike vertolking in 'n maatskaplike konteks geplaas.

VIR DIE EERLIKE kunstenaar bring die kommunikasie van sy vertolking enorme probleme mee, wat Goedhals uit verskeie oogpunte verken. 'n Mens kan net enkele aspekte noem. Vir eers vereis die kommunikasie die gebruik van 'n simboliese taal, wat - in die visuele taal van die kunstenaar net

- "I think that the most beautiful thing about modern art is that it has built into its own potential the capacity for destroying itself. Nothing keeps renewing itself the way art does. The fundamental beliefs in art are constantly threatened and as a result it is constantly changing. And so art and anti-art are essentially the same thing. There isn't any real difference between them. I guess it is the great fantasy of modern artists to be able to make their art - without having to make it."
- "What is revealed is that art itself is an activity of change, of disorientation and shift, of violent discontinuity and mutability, of the willingness for confusion even in the service of discovering new perceptual modes."
- "In the end indignation over kitsch is anger at its shameless revelling in the joy of imitation, now placed under taboo, while the power of works of art still continues to be secretly nourished by imitation."
- "Taste is the ability to keep in balance the contradiction in art between the made and the apparent not-having-become. True works of art, however, never at one with taste, are those which push the contradiction to its extreme and realize themselves in their resultant downfall."
- "The much-lauded play-acting of modern artists, their exhibitionism, is the gesture whereby they put themselves as goods on the market."

soseer as in die verbale taal van die skrywer - onmiddellik die beperkinge van maatskaplike konvensie en ideologie ter sprake bring.

Vir die kunstenaar wat sy persoonlike ervaring verder wil verken as wat die grense van konvensie toelaat, bring die gebruik van 'n simboliese taal teenstrydighede mee wat sy taak so moeisaam maak soos dié van Sisyphus, na wie Goedhals in werke nos 37 en 38 verwys.

Aan die een kant is die kunstenaar afhanklik van bestaande konvensies - nie net visueel nie, maar ook verbaal - om ingelei te word tot 'n bewuste visuele begrip van die werklikheid wat hy ervaar, voor hy kan oorgaan tot 'n eie subjektiewe vertolking daarvan. (Soos die skrywer eers die formele simbole van die alfabet en die grammatikale struktuur van taal moet aanleer voor hy 'n storie kan skryf.)



'n Gevonde voorwerp deur Neil Goedhals (sy BA Skone Kunste-sertifikaat).

Die gevaar is dat die konvensie die werklike ervaring kan verdring - dat die kunstenaar die abstrakte ideologie, smaak of styl van 'n groep (watter groep ook al : "Kubiste", "Surrealiste", "Nazi's", "Calviniste", ens) in sy kuns omskryf, eerder as sy eie sintuiglike ervaring. Die negatiewe resultate van dergelike formalisme is dikwels te sien: vorm sonder inhoud, geïdealiseerde sjokoladedoosprentjies, propagandakuns, kitsch, en so meer.

Ook die aanleer van verbale taal en die manier waarop dit die werklikheid - oorspronklik 'n onafgebroke sintuiglike eenheid - afbreek in begripsonderdele ("klip", "tafel", "stoel", "roos", "motor" ens) beïnvloed die kunstenaar se visuele sienswyse. Dié ideologiese kategorisering en verbrokkeling van die werklikheid tot rasionale begrippe kan 'n mens maklik kondisioneer om naderhand net abstrakte begrippe ("stoel", "tafel", ens) in te neem, sonder om die toneel in visuele besonderhede ráák te sien.

(Moontlik het Goedhals hom in musiek verdiep deels as teenmiddel vir dié neiging tot rasionele kategorisering van die werklikheid - wat hy erken in die kunsaantekening "To draw is a separation". Hy het onder meer belang gestel in "white noise": 'n klankgeruis bestaande uit frekwensies uit die hele klankspektrum - 'n klank-analogie van die "kleur" wit, wat uit al die spektrum-kleure saamgestel is. Anders gestel: 'n holistiese vorm van klank wat nie in onderdele afgebreek is nie.)

Hoe sterk die ideologiese konvensie die kunstenaar se visuele uitdrukking kan ondermyn, totdat die algemene "idee" belangriker word as die bepaalde beeld, word op verskeie maniere deur Goedhals gedemonstreer - onder meer deur die letterlike vervanging van die beeld deur die woord. 'n Voorbeeld met fyn ironiese humor is werk no 51, waarin die woorde PUSSY GALORE vertikaal aan weerskante van 'n blanko vel tekenpapier geskryf is. Soos in 'n formeel akademiese kunswerk word teoreties na 'n sensuele werklikheid verwys - maar dit word nie sintuiglik weergegee nie, die abstrakte begrip kry nie tasbare lewe nie.

GOEDHALS PARODIEER die serebrale nie-sensualiteit van formalistiese kuns nie net deur die gebruik van woorde nie, maar ook deur visuele simbole wat tot geykte abstrakte verwysings sonder sintuiglike inhoud gereduseer is: die soort visuele simbole wat 'n mens in "kitsch" kry, soos die karikatuurmannetjie en sy kitaarspelende vroutjie wat "lighartige geluk" versinnebeeld in werk no 42. Dergelike visuele simbole, gereduseer tot blote verwysings na bepaalde konvensies van "gevoel", herinner aan die ouens wat die grappe al so goed ken dat hulle net die nommer uitroep sonder om die storie weer met kleur en geur te vertel. Deur sulke kitsch illusies (soos die 3D-poskaarte van "mooi" tonele) telkens net effens te skend - deur 'n brandmerk of 'n brutale kwashaal - onthul Goedhals die inhoudlose oppervlakkigheid van hul "volmaaktheid", hul gebrek aan selfstandige ekspressiwiteit.

Hoewel baie van die gekose werke die siellоosheid van geykte konvensie konseptueel eerder as sensueel parodieer, maak Goedhals 'n besonder ekspressiewe stelling teen gemeenplasigheid in die triptiek *Waiting Room*. Op elkeen van die panele word 'n kitsch-idilliese bosveldtoneel (die soort wat van deur tot deur gesmous word) gekontrasteer met pynlik verwronge liggame. Goedhals se lewensbeskoulike aanklag teen die kunsmatig geïdealiseerde landskappe, is dat dié soort kuns, wat "gemoedsrus" wil bevorder, in werklikheid geen troos bied vir die pyn van die enkeling (as mens óf as kunstenaar) nie - nie net omdat dit geen inhoudelike betekenis aan pyn kan gee nie, maar omdat dit pyn glad nie eens erken as deel van die menslike bestaan nie.

AAN DIE ANDER KANT wys Goedhals uit dat die kunstenaar wat die grense van konvensie verbreek, omdat dit hom nie toelaat om 'n eerlike en volledige vertolking van sy persoonlike ervaring te gee nie, hom óók vasloop in probleme met die kommunikasie van betekenis. Om sy individuele siening getrou en lewenskragtig weer te gee, moet die kunstenaar noodgedwonge soms bestaande konvensies so ver ondermyn dat sy siening vir baie mense "onleesbaar" word. Dié spanning tussen die enkeling se visie en die groepsvisie - wat tot gedurige vernuwing in die kuns lei - neem 'n ironiese wending in wanneer die oorspronklike, individuele visie uiteindelik aanvaar word deur die groep, en verstol tot 'n konvensie. Gister se avant-garde word vandag se akademici.

Wanneer dit gebeur, rol Sisyphus se klip weer terug na die voet van die heuwel, begin die kunstenaar se soeke na lewenskragtige maniere om betekenis te omskryf van voor af. *Formalin*, nog 'n kragtige triptiek op die tentoonstelling, verwys na dié dilemma: dit stel die kunswerk voor as die preserveermiddel van gestolde, dooie begrippe. Op een van die drie groot, swart reghoeke is 'n skematiese diagram van voorplantingsorgane geskets - lewelose simbole wat nie aan lewe geboorte kan gee nie. Hiermee saam hang die begrip dat kuns nie uit kuns gebore word nie, maar uit die kunstenaar se sintuiglike en emosionele verkenning van sy werklikheid.

Ware kuns lê vir Goedhals nie in die vind van betekenis nie, maar in die soeke daarna, in die gedurige ondermyning en bevraagtekening van die reeds gevonde "betekenis". Die kunstenaar se vertolking van die werklikheid kan net 'n lewenskragtige proses bly indien dit oneindig is. 'n Volslae eindigheid, 'n volledige omskrywing van die werklikheid, sou ook 'n einde bring aan die funksie van kuns - soos Goedhals dit benader - as 'n bevraagtekening van sekerhede.

Dit is waarskynlik dié kenmerk - die agterdog jeens alle ideologiese sekerhede - wat Goedhals so sterk laat spreek het tot Suid-Afrikaners van sy geslag. As kunstenaar het hy na vore begin tree in in die Totale Aanslag-era van die vroeë tagtigerjare, toe die al hoe meer opsigtelike fascisme van die Afrikanerheersersklas jong witmense al hoe meer ontnugter gelaat het oor die ideologiese onbuigsaamheid en die verwydering van die werklikheid van 'n ouer geslag.

● Die tentoonstelling duur tot 16 April.

die oorlewing van sin



DOUBLING THE POINT
Essays and Interviews
Deur JM Coetzee
Geredigeer deur David Attwell
Harvard University Press, 1992 (R52,80)

HANS PIENAAR

IN hierdie land van geweld en beendere is daar nie veel van 'n tradisie van denke nie. Diskoers in Suid-Afrika is soos 'n loods vol logge oorlogsmasjiene wat met groot moeite gemaneuvreer word deur 'n horde ingenieurs en tegnici wat vreeslik lostrek op mekaar maar nie eintlik veel skade aan die masjiene doen nie.

Verbeeldingryke denkers moet toekyk hoe kosbare tyd en ruimte verspil word deur vrugtelose polemieke en 'n eindelose ge-elmboog vir beter posisies. Dat van hulle, soos JM Coetzee, dit nog regkry om bundels essays uit te gee, is ietwat van 'n wonderwerk.

Doubling the Point is 'n uiters belangrike en prikkelende publikasie, wat 'n mens hoop nog 'n seminale rol sal speel in die ontwikkeling van iets soos 'n intellektuele tradisie in Suid-Afrika. Nie omdat Coetzee soseer 'n font van waarheid of 'n ghoeroe van iets is nie, maar suiwer omdat hy wys hoe vrugbaar - en genotvol - dit kan wees om 'n bietjie te dink.

Die boek is georganiseer in groepe essays oor verwante onderwerpe, voorafgegaan deur onderhoude met die skrywer deur David Attwell, die redakteur van die boek. So kry dit die vorm van wat Attwell "'n intellektuele outobiografie" noem.

Die titel verwys na hierdie herevaluering van vroeëre werk van Coetzee, en werk alleen so goed omdat Coetzee pynlik eerlik te werk gaan, amper soos iemand wat 'n operasie op homself uitvoer. Bewonderaars sal selfs sommige passasies in die onderhoude as ietwat van 'n ontnugtering ervaar, en iemand sien wat afgetrokke staan en kyk hoe die water wegkalwe aan die stukke klei in sy eie voete.

COETZEE HET SY EERSTE "mention" op die literêre toneel gekry as 'n wiskundige, en nie as 'n skrywer of kritikus nie. Dit was toe 'n rubriekskrywer redelik verontwaardig geskryf het oor Coetzee se eksperiment met 'n Univac 1106-rekenaar, om die konstruksiereëls in 'n kort werk van Samuel Beckett te probeer vasstel deur letterlik die woorde, en hul kombinasies, te tel.

Net effens meer as 'n dekade later, in 1980 rond, was sy internasionale roem as skrywer reeds gevestig en word hy vandag soms as een van dié eeu se voorste skrywers gereken - 'n verstommende transformasie sou 'n mens sê.

Tog is die teenstelling nie so groot as wat dit lyk nie. Coetzee se groot soeke, in beide sy romans en kritiese werk, is na die werkinge van fiksie, beide van binne en buite af. Aan die een kant is die produk van dié soeke 'n aantal briljante essays oor linguistiek en tegniek; aan die ander ondersoek hy die status en aard van allerlei vorme van fiksie, ook die nie-literêre in die wêreld: Hoe werk dit in bepaalde omstandighede, en belangriker nog, hoe kán dit werk.

Coetzee se groot prestasie is om te wys dat dit allesbehalwe 'n esoteriese, akademiese vraag is dié. Hy stel homself in half-opposisie - soos iemand wat halflyf in 'n moeras staan - tot die geskiedenis, die trauma van die uitgerekte politieke stryd in Suid-Afrika. Hoe kan die roman, fiksie, verbeelding oorleef in sulke omstandighede, steeds sin maak en nie blote nabootsing word van reeds bestaande vorme ter wille van sê maar kommersiële of magsgewin nie?

Coetzee, sê Attwell, het nie net hierdie "verlamming" voor die politiek ondervra nie, hy het daarby verby beweeg en maniere gekry waardeur fiksie in sy EIE TERME met die politieke begin praat. Die resultaat, kan 'n mens byvoeg, is sy raak voorspellings van toestande waarin die land hom die laaste paar jaar bevind, in *Waiting for the Barbarians*, en veral *The Life and Times of Michael K.*

(Geen essay behandel die volgende stap - oplossings! oplossings! - eksplisiet nie, maar uit dele in die onderhoude sou 'n mens die volgende kon konstrueer: Skrywers wat so nougeset soos Coetzee met hul werk omgaan, skep karakters wat in hul persoonlike diskoerse merkers vind in hul lewens vir niches van kennis en ervaring waarna hulle kan terugkeer in hul stryd om die oorlewing van sin. En deur sulke skrywers te lees, en te laat skryf, kry lesers toegang tot sulke vaardighede, en doen die skryfproduk, in die hande van die leser, sy politieke werk.)

Die taalvorm waarin Coetzee hom by uitstek tuisvind, is die paradoks. Net soos in sy fiksie gaan dit oor die skryf van die wêreld (as eie maaksel, as die werklikheid) in paradokse in. Maar dan veral in die klassieke sin, van teen die kontemporêre, dominante en oorgelewerde wysheid in.

Hierdie werk teen die "doxa" is op beide persoonlike en sosiale vlakke. "...in a larger sense all writing is autobiography: everything that you write... writes you as you write it. The real question is... among the fictions of the self, the versions of the self... are there any that are truer than the others? How do I know when I have the truth about myself?"

VAN DIE INTERESSANTSTE paradokse wat hy vind is op die gebiede van pornografie en sensuur. Coetzee kyk na hoe die leesdaad van *Lady Chatterley's Lover* die betekenisse en bedoelings binne die teks affekteer. DH Lawrence kan nie die Engelse taal van sy sekstaboes bevry deur eksplisiet oor bevryding van taboes soos sodomie te skryf nie, want elke keer dat ons die passasies hieroor weér lees, is daar 'n herlewing van die taboe.

Baie is nou al geskryf en gesê oor Kobus van Rooyen se sensuurstelsel. Die probleem was nog altyd die skyn van redelikheid wat dit het, en die kragtige mite daaromheen dat dit eintlik vooruitgang is en 'n vorm van diplomasie wat daarin slaag om almal gelukkig (genoeg) te hou.

Coetzee is die een wat myns insiens die laaste sê oor dié mites het, en so min of meer vir Van Rooyen sloop, deur hom aan te vat op die terrein waarop Van Rooyen sy ondeurdringbere fort gebou het - die regte. Coetzee is inderdaad een van die min mense wat Van Rooyen se werke oor sensuur hoegenaamd geléés het, laat staan nog in sy eie terme kritiseer.

As sensor is Van Rooyen 'n paranoïkus, is die resultaat van Coetzee se ondersoek, hoewel hy dit nooit self so reguit stel nie. Deur 'n ontleding van Van Rooyen se eie geregtelike ghoeroes, en 'n Freudiaanse behandeling van die werkinge van 'n paranoïese diskoers, wys hy hoe deurtrek Van Rooyen se denke en sy raad se beslissings is van allerlei paranoïese verskynsels.

VAN ROOYEN DIE SENSOR is maar net nog een van PW Botha se Totale Aanslag-gedrogte. (Kan 'n mens hoop dat Coetzee eendag 'n essay sal skryf oor die Mediaraad, waarvan Van Rooyen tans die voorsitter is, se eienaardige interpretasie dat 'n tegniese oortreding van 'n riglyn moontlik is? Dit was in die saak oor *Rapport* se hantering van Barend Strydom se vrylating, waarin *Rapport* van kwaai verleentheid gered is deur Van Rooyen se geregtelike stoomroller oor 'n leser se klagte.)

Die soort benadering prikkel 'n mens om minstens nuwe velde van ondersoek te visualiseer: Dieselfde totale aanslag-paranoia in sensuur is natuurlik ook aanwesig in die Afrikaanse literêre stelsel (uitgewers, resensies, kritiek, voorskrywing, skryfskole, pryse). Een van die onbekende skokfeite omtrent die hele opset is inderdaad die ooreenkoms wat uitgewers onlangs met die sensors aangegaan het om die Van Rooyen-riglyne toe te pas met die invoer van oorsese boeke, in ruil vir die liberaler behandeling van plaaslike produkte.

DIE AFRIKANER BROEDERBOND (AB) het in die sewentigerjare 'n memo oor die Afrikaanse letterkunde laat opstel - Kannemeyer het destyds gesê dit was deur TT Cloete - waarin Brink en Breytenbach saam met Buthelezi as die grootste gevare vir die Afrikaner beskryf is.

As die AB dit een keer gedoen het, het hulle dit hoogs waarskynlik weer gedoen, en doen hulle dit hoogs waarskynlik deurgaans. Die vraag is nou in watter mate "onskuldige" diskoerse soos dié oor Goeie Gewilde Prosa of oor die Afrikaner se (soveelste) sekstuele herontwaking (soos arme gekoöpteerde Griet s'n), of die onlangse relletjie oor TT Cloete versus Eybers as die grootste lewende Afrikaanse digter, herlei kan word na goeie ou Broederbond-paranoia.

'n Marxistiese ontleding hiervan - oënskynlik die voor die hand liggende een - sal vasval in te veel dogmatiese abstraksies, en die belangrikheid van die gewoon fascistiese knoeiery hieragter misken. Coetzee se benadering sal myns insiens 'n veel vrugbaarder een wees.

Bogenoemde is maar net 'n reaksie op 'n klein deel van die boek. Daar is nog sy essays oor rugby, Captain America, advertensies, 'n hele reeks skrywers en veral oor die dubbeldenke agter erkenning wat 'n mens nagte lank kan laat wakker lê, so prikkelend is hulle.

Dis 'n boek wat op elke kreatief-denkende Suid-Afrikaner se boekrak hoort.

Jeanne Goosen (Foto: PEARLIE JOUBERT)

oor skrywers, boekadvertensies en glans-tydskrifte

JEANNE GOOSEN sê die beeld van skrywers wat yuppie-glanstydskrifte in hul sosiale kolomme in volkleur aan die lesende bevolking oordra, wek agterdog

ONS Afrikaanse skrywers is altyd aan die eet en drink en partytjie-hou saam met BAIE BELANGRIKE PERSOONLIKHEDE in luukse plekke. Ons geswolle voorkoms op foto's is te wyte daaraan dat ons vinnig die jaart salami moes afwurg met 'n glas gehalte wyn voordat die kamera kliek maak.

Dis duidelik dat party van ons dit nie betyds kon regkry nie, vandaar die blink lippe, die sweet, rooi gesigte en skeel oë. Ja, ons skrywers is 'n brasseryende ras van denkers. Ons is gebore met die goue lepel in die mond en die sewe maer jare het ons ge-sidestep - al klink dit in ons boeke asof ons eintlik besig is met 'n ideologiese stryd en al praat ons met hartstog oor magsug en onderdrukking op skrywersberade.

Die bogenoemde prentjie is die beeld wat yuppie-glanstydskrifte in hul sosiale kolomme in volkleur aan die lesende bevolking oordra. Let wel, my betoog hier is nie om die vernuf van fotograwe onder verdenking te bring of om simpatie vir ons Miss Piggy-voorkoms te bepleit nie.

'n Mens met 'n beeld is per definisie nie 'n mens nie. Dit werk soos 'n stigma - die skrywer word outomaties óf bevoordeel óf benadeel. Dit hang af wat die yuppie-tydskrif en sy aanhangers dikteer die in-ding is op daardie betrokke tydstip.

Wat die agterdog oor bogenoemde beeld van skrywers versterk, is ook dat die uitgewers van Afrikaanse boeke skatryk is omdat hulle vir 'n boekbekendstelling maklik 'n restaurant huur, of 'n stuk hotel of 'n hele winkel vir die aand of 'n grasperk in Houghton. Daar blyk dus in ons arm land nog baie geld te wees. En daar moet wees, want kyk na die duur, volkleur-advertensies wat uitgewers van die Afrikaanse boek in hierdie yuppie-tydskrifte plaas. Dit gaan gewoonlik gepaard met uitvoerwyne. Die ironie is dat een so 'n bottel dikwels duurder is as die boek self en al drink die uwe se karakters in haar boek net Slingersous en Rooi Annie.

Hoe kan lesers skrywers ernstig vertolk as sosiale foto's en advertensies - wat meer kos as die uitgee van die boek - die indruk skep dat skrywers (in dié tye) in 'n soort melodieuse ruheid leef? Dié tragiese onernstigheid maak van skrywers die speelpoppe van die vulgariteit van hulle eie geluk en sukses.

Hierdie soort reklamemateriaal verskyn gewoonlik in tydskrifte wat mense wat in sonskynland woon, aanskaf hoofsaaklik vir die vermaaklikheidswaarde daarvan. Met hierdie soort van stof besing redaksies hulle eie selfbelangrikheid en hulle valse stel waardes, distansieer hulle hulself van misdade teen die mens en skep hulle veilige, niksseggende leuens om die aandag af te lei van die krisis waarin ons almal verkeer.

IN REDAKSIONELE KOLOMME word graag vertel dat hul tydskrif deur eksklusiewe Afrikaners gelees word wat die Afrikaanse boek bevorder. As dit so is, waarom plaas uitgewers dan sulke duur advertensies, ek bedoel as die eksklusiewe Afrikaners in elk geval als wat in Afrikaans verskyn, lees?

Al gevolgtrekking waartoe 'n mens kan kom, is dat yuppie-tydskrifte nog deur uitgewers met prestige in verband gebring word. Die lesers van dié soort tydskrif is gewoonlik 'n private klein groepie, moeilik om tevrede te stel omdat hulle self onseker is, selfs bang om hulle ou kolonialistiese romantisme te verlaat en steeds reageer op 'n eie innerlike diktatoriale bevel van 'n vorige bestel.

Hulle is in die algemeen konformiste wat nie opgewonde raak oor dit wat buite die grense van die glanstydskrif gebeur nie.

Hoe voel skrywers oor dié toedrag van sake?

EK DINK EK KAN met gesag praat: die meeste mor, kortom, hulle verpes dit maar voel dat uitgewers dit van hulle verwag. Soort van part and parcel of the deal van om uitgegee te word. Hoe ook al, skrywers word nie geraadpleeg oor die bewoording, fotomateriaal of oor 'n advertensie en waar dit gaan verskyn nie. En probeer jy as skrywer nog walgooi by jou uitgewer, is die standaardantwoord: "Die advertensie is reeds betaal en afgemerk."

Wat ek probeer sê, is dat die beeld wat ons Afrikaanse skrywers in sekere publikasies uitdra die etiek van die boek en wat dit verteenwoordig aantas. Afbreek. Die uwe probeer byvoorbeeld alles binne haar beperkte vermoë om 'n boek teen die mees bekostigbare prys (onder R20) aan te bied, met 'n tantième-wins wat daal tot 'n belaglike sommetjie, en dan word die bedoeling deur die advertensies wat tienduisende rande beloop, uitgewis.

Wanneer daar die slag joernalistieke kopie van 'n boek is, sê dit so te sê niks van die skrywer se eie verwantskap met sy tyd van geweld, diskriminasie en obskuriteit nie.

Skrywers moet by magte kan wees om hierdie negatiewe toedrag van sake te beëindig. Om net Gods water oor Gods akker te laat loop, is om onverskillig toe te kyk, te swyg en dus aandadig te wees aan 'n soort korrupsie waarop dit moeilik is om die vinger te lê.

'n Mens sal nie sê dat ons oor minder as tien maande 'n oorgangsregering sal hê nie. Daar is talle koerante en tydskrifte wat 'n sukkelbestaan voer. Skrywers hoort tesame met hulle uitgewers die vertroue in die nuwe Suid-Afrika wat ons so graag bely ook daadwerklik te bewys deur byvoorbeeld ander vorms van reklame te ondersoek.

'n Advertensie ook in 'n ander taal- of kleurgroep se mondstuk sal die erns toon van daardie sogenaamde vertroue. Dit sal ook 'n poging wees om Afrikaans te bevry van sy glans, elitisme en eksklusiwiteit. Veral in 'n tyd waar daar so te sê mene mene tekel aan die muur geskryf staan dat ons op Afrikaanse taalgebied afhanklik mag word van een magsugtige uitgewers- en koerantgroep.

Skrywers hoort aan te dring daarop om inspraak te hê oor wáár en hóé hulle boeke gepubliseer en bemark word. Ten slotte: dit sal nie jou as skrywer en jou uitgewer in bankrotskap dompel as jy weier om in *De Poes* te pose nie.

kan jy spel of is jy magteloos?

LIBERTYN, moedeloos en magteloos, sê hy verstaan meer van 'n rekenaarhandleiding as die Taalkommissie se agste, verbeterde uitgawe van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*

'N TYD gelede het daar 'n ligte relletjie tussen taalkundiges uitgebreek oor die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (mag 'n mens ook skryf: *Afrikaanse woordelys en spelreëls?*) Een oggend op *Goeie Môre Suid-Afrika* het 'n dosent van Unisa professor Combrinck behoorlik die kop gewas.

Ek het toe gedink: nog 'n klein twis, nog 'n stofskoppery. Maar toe blaai ek onlangs rond in die agste, let wel ***verbeterde*** uitgawe van die *Woordelys en Spelreëls*, een van die Akademie se geskenkpakkies aan die Afrikaans-lesende en -skrywende publiek. Dit is 'n ervaring wat jou mettertyd moedeloos en magteloos laat voel.

Daar is 'n teorie dat die taal van die Île de France, wat uiteindelik verhef is tot Standaardfrans, spesiaal ontwerp is om te verseker dat die gepeupel tot aan die einde der dae magteloos sal bly. Die gedagte was eenvoudig: laat hulle maar "vryheid, gelykheid en broederskap" in die strate roep; as hulle by ons tafeltjie kom aansit, sal hulle weldra agterkom na wie geluister word en na wie nié.

Verre sy dit van my om die Akademie (hoofletter, asseblief) se Taalkommissie van so 'n agterbakse magsmisbruik te beskuldig. Maar laat ek dit reguit sê: die Kommissie het dit vir

Die Akademie, met sy byderwetse poging om die Afrikaanse taalgemeenskap uit te brei, het nog steeds 'n Taalkommissie wat deur die vlieg aan die muur nie van 'n kerkraadsvergadering onderskei sal word nie

niemand makliker gemaak om Afrikaans korrek te spel nie. Nege deurlugtige taalgeleerdes het hier jare lank gearbei aan 'n handleiding wat vir almal behalwe mede-taalkundiges feitlik onbruikbaar is.

Nie alle woorde kan in die *Woordelys* opgeneem word nie. Daarom is daar behoefte aan enkele bevatlike riglyne wat nié van die gebruiker linguistiese kennis of 'n semantiese oefening verg nie.

EK VERSTAAN MEER van 'n rekenaarhandleiding as van die *Woordelys en Spelreëls*. 'n Rekenaarhandleiding is ondubbelsinnig. Dit vertel jou wat om te doen in eenvoudige taal. 'n Rekenaarhandleiding is ook logies. Die Kommissie se handleiding skiet in beide opsigte tekort.

Sewe en twintig jaar het verbygegaan sedert die vorige uitgawe van die *Woordelys en Spelreëls* in 1964. Die nuwe boek is dikker omdat daar natuurlik baie nuwe woorde verskyn het, maar veral omdat die geagte Taalkommissie, wat homself met 'n hoofletter spel, tagtig bladsye nodig het om die Afrikaanse spelreëls te verduidelik.

Hulle verdien ons simpatie, want die lede van die taalkommissie is byna almal Afrikaanssprekende mans, wat ook aan Afrikaanstalige universiteite werk. Die twee uitsonderings hierop is 'n Natalse professor en 'n werknemer van die SAUK.

Ek noem hierdie feit nie net omdat ons hulle jammer moet kry nie, maar ook om die ironie dat die Akademie met sy byderwetse poging om die Afrikaanse taalgemeenskap uit te brei, nog steeds 'n Taalkommissie het wat deur die vlieg aan die muur nie van 'n kerkraadsvergadering onderskei sal word nie.

HOEKOM MOET ONS simpatie met hulle hê? In die eerste plek natuurlik omdat dit baie moeilik, maar ook baie nodig is om gewone taalgebruikers in te lig oor hoe gespel moet word, veral by 'n taal wat so sterk aan Engelse invloed blootgestel is.

Wat minder simpatie verdien, is dat die Kommissie klaarblyklik besluit het dat hy aan sy eie lede se kundigheid genoeg het. Nie-moedertaalsprekers, opvoedkundiges en alledaagse gebruikers, so lyk dit vir 'n mens, se advies is óf nie gevra nie óf nie emstig opgeneem nie.

As iemand dink dat ek vandag die mening wil verkondig dat ons maar kan skryf en spel soos ons wil, is hy of sy by die verkeerde adres. 'n Libertyn kan sonder teenspraak ook 'n skoolmeester wees, en daar is geen politieke privilegie verbonde aan verkeerde taalgebruik nie.

Dis miskien net vanuit die bevoorregte posisie van 'n moedertaalspreker dat 'n mens teen 'n gestandardiseerde spelling kan pleit, omdat jy weet dat jy min of meer altyd reg sal wees. Mense wat nie vlot is in Afrikaans nie, wil weet hoe 'n mens die taal reg moet gebruik. Want hulle weet ook: as jy dit verkeerd gebruik, word jou mag verminder in situasies wat saak maak.

Watter soort leiding het sulke taalgebruikers nodig van die mense wat hulself aangestel het om leiding te gee? Die antwoord hierop moet wees: eenvoudige, verstaanbare reëls - reëls wat nie tagtig bladsye fyndruk beslaan nie, reëls wat jy nie elke keer hoef op te soek as jy 'n woord wil spel nie.

OM MAAR DIE MEES omstrede terrein te noem: niemand gaan 'n uiteensetting van vyftien bladsye oor los en vas skryf - of is dit los- en vasskryf? - deurwerk nie. Vir 'n gewone taalgebruiker behoort hierdie uiteensetting verkort te word tot 'n opsomming. Dieselfde geld die gebruik van hoofletters en die koppelteken.

Kritici van die *Woordelys en Spelreëls* het al in besonderhede aangetoon dat die handleiding inkonsekwent en dikwels verwarrend is. Ek beaam wat hulle sê, maar ek wil tog wys op die verwonderlike nuus dat woorde soos *niereligieus*, *asosiaal* en *botydelik* nou sonder koppelteken geskryf moet word.

Dit plaas 'n versperring in die weg van die leser en dit is ook onlogies. *A-sosiaal* bestaan danksy die feit dat dit die ontkenning of teenoorgestelde is van *sosiaal*. Dieselfde geld *nie-religieus* - of gaan iemand, soos blykbaar al gebeur het, dit nog gekker maak deur *nieteenstaande* as analoë voorbeeld te noem?

Ek hoor daar is 'n nuwe Taalkommissie. Hierdie Kommissie sal taalgebruikers miskien 'n guns doen deur as eerste stap die jongste *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* ongeldig te verklaar.

SHELDONS

DIE BOEKWINKEL
MET
DIE KOFFIEWINKEL
Eastgate, Ingang 5

tapping in to the central myths

South African director made good in America, Hilary Blecher, is back home (not for good) to workshop and mount a musical production at the Market Theatre Laboratory. **ANDREA VINASSA** gulped down a few cappucino's with her

Pic: SALLY SHORKEND

HILARY BLECHER'S CV is five pages long and crammed with wild and wonderful activities. With, amongst other productions, Poppie Nongena in the Douglas Fairbanks Theatre in New York, Trio, a jazz chamber opera, in Carnegie Hall, *Brightness Falling at Arts* at St Ann's, Fatima Dike's (also a South African) African music-dance ritual drama, *The Sacrifice of Kreli,* and *No Limits* at the New Theatre of Brooklyn, Blecher has carved a niche for herself in American musical theatre as a director, writer, deviser, author and adapter.

For Poppie Nongena she won an Obie (1983), an Outer Circle award (for the book), was nominated the New York Times Critics' Choice (as well as *London Times, Observer* and other London newspapers) and the City Limits, Reader's Poll, Play of the Year in 1984, and the play's cast was nominated for several and received a Lawrence Olivier Award.

She is listed in the Who's Who of American Women and serves on the board of Arts at St Ann's and was the recipient of an Ford Foundation Special Grant and Ludwig Vogelstein Foundation grant for *Brightness Falling.*

Her most recent conception was Frida, a biographical piece about the Mexican artist Frida Kahlo, which was produced by the Arts at St Ann's American Music Theatre Festival in New York, presented at ART Boston and the Brooklyn Academy of Music's Next Wave Festival in 1992. When she leaves South Africa in the next few weeks, she'll stage Frida for the Houston Grand Opera.

Yup, lists of achievements can be a bit of a drag. I'll stop after this one: her local work includes a stint as a Wits drama lecturer and resident director at the Market Theatre from 1978 to 1981. She emigrated to America in 1981 because she didn't want her daughters to grow up in a racist society. Working mostly at these two institutions, she directed Arthur Kopit's *Wings, Die Swerfjare van Poppie Nongena,* Sam Shepard's *Angel City,* James Saunders's *Bodies,* Pam Gems's *Dusa Fish Stas and Vi,* William Shakespeare's *Henry IV,* Frank Wedekind's *Spring Awakening* (in 1977 she did the green thing before anyone in SA), Georg Kaiser's *From Morn to Midnight* (at the Planetarium in 1975), Bertolt Brecht's *Mother Courage and Soldier* which was based on Brecht's *Drums in the Night* and improvisations dealing with the experience of the Angolan war.

The project she is doing at the Lab was financed by the Brooklyn Academy of Music and will be performed at BAM later this year. *Daughter of Nebo* arose out of a documentary her New York Film School graduate daughter, Sarah, was making. It is based on a newspaper story about a Venda man who was sentenced for killing his child.

"DAUGHTER OF NEBO deals with a community in transition and with the clash of traditional values and Western urban values - about a man caught in a tragic situation. He kills his child to bring prosperity to his people. The sangoma tells him that he must sacrifice a cow to end the drought, but he cannot afford a cow, so he kills his child. It taps into the central myths of every culture and has resonances of Oedipus and Abraham and Isaac."

Daughter of Nebo explores the phenomenon of ritual murders, witching, muti murders and the profound influence of sangoma's in the lives of black people. "The belief in ancestors runs very deep."

Daughter of Nebo premières at the Grahamstown Festival early July and transfers to the Market Theatre.

Despite its subject matter, she says, "it is not a dark piece. The theme concerns the cultural character of a community and it rids itself of evil. It reminds me of a Greek tragedy.

"It looks at justice. It is the perfect material for epic scale opera. And it is valid material for a new theatre which looks at culture and intersections of cultural attitudes."

South African composer Victor Ntoni has been commissioned to write the score which uses *a capella* voices and traditional instruments. Blecher, who works a lot with the Houston Grand Opera, has been one of the pioneers of what she calls "music theatre" - not musicals as we know them, not opera as we know it.

"The Houston Grand Opera is at the forefront of the new music theatre in America which has proved viable. They have produced Malcolm X, Patty Hearst and will do Frida. It calls upon every aspect of expression and is accessible to a popular audience."

SHE STRESSES THAT *Daughter of Nebo* is not a documentary or anthropologically correct, it is not realistic and will not be authentically Venda. "Theatre's not naturalistic. Why be real when you can conjure up whatever you want to?" she asks.

Designer Sarah Roberts has drawn upon images of drought and desolation, vultures and people praying for rain to create the visual aspect of the piece. Motifs from countless photographs have been extracted to create a formal and stylised look for the sets and costumes.

In the past decade Blecher has witnessed a graduashift from Eurocentric to popular culture in America. She has seen nothing of the sort here, which makes her despondent. There is no reason for her to return. "South African theatre seems to be locked into producing clones of clones. It seems as if people are being rewarded for repeating political slogans."

Daughter of Nebo is not finally cast - it hasn't been easy: "It would be easier to cast the piece with South Africans living in America. Here no one reads music - it takes three days to teach a song. I am not looking for actors who can sing, I am looking for amazing voices who can act."

She has been frustrated by the lack of professionalism, discipline and commitment she has encountered here. "The lack of professionalism extends to everything, including service in restaurants.

"I have never felt as positive and, at the same time, as pessimistic about this place. The debris must be swept away, you have got to live through the aftermath."

Most interesting theatre comes directly out of the culture of a community, but she sees many obstacles in the creation of theatre here: "I miss the sense of challenging dialogue. There is no tradition of people talking. People are enormously damaged here and the victims play at being victims. The country is also infested with a false liberalism. You have had to live with so many dishonesties."

Sue Pam-Grant's new play, *Another Kettle of Fish*, has opened at the Market Theatre. **CHARL BLIGNAUT** spoke to her about the writing trip and a sensual geriatric called Millie Maisel

SUE PAM-GRANT grew up in Cape Town, moved to Jo'burg and worked as a waitress. She'd studied at UCT and was actually a free-lance actress, schlepping in schools programmes, landing a role in Michele Du Toit's *Ladies/Dames*. But work was scarce so she wrote *Whorefish Bloomers*, a play about the waitressing thing. Then she married a non-marrying man and got some more inspiration going.

Her next play was to tour the country, win all the local playwrighting awards and garner a Fringe First at the Edinburgh Festival. *Curl Up and Dye* was set in a hairdressing salon in Joubert Park and featured a hairdresser, her assistant, a black nurse, an old woman and a Welconal junky. It was a comedy in a time when black residents were being evicted, the old order was changing, an inner-city emerging and a wave of crime was moving through Johannesburg. She'd gone out into Joubert Park and Hillbrow to find her story from residents and characters. The play was director Lucille Gilwald's last project and it ran for close on three years.

After that she played a kugel in *Mrs Kaplan and the Witchdoctor* and an exotic platform-heeled creature in Ellis Pearson's *Uurgh!* She featured in the short film *Angel Delight*.

And when work was scarce again, she went out to find the story behind an old woman called Millie Maisel. *Another Kettle of Fish* premièred in Grahamstown last year and has returned to Johannesburg for a season at the Market Theatre.

crash landing

You said you grew up in Cape Town. You look like you were impossible at school.

I was a terrible student. The uniform changed in standard six, but I wore the old uniform right until matric. They said, look, the girls that still have the old uniform can wear them out until they're finished, expecting it to last for about another year. I wore it for five more years. I hated the new uniform. I just kind of mooched around and got involved in theatre productions. I used to bunk a lot and must have got the award for the most unsporty girl in town. History was the only kind of interesting subject.

Then you came to Jo'burg.

I moved here in 1985. I'd gone to my mechanic in Cape Town and asked him how I could get my car to go to Jo'burg and he said the only way this car is going to get there is on the train. So I flew up, got my car and went straight to Yeoville. As I was driving in I was looking around me thinking wow and I had an accident. So I've been in Yeoville for seven years and I'm comfortable there.

the housewife from hell

The last time I saw you perform was in Dan Roberts' short film *Angel Delight*. You play a kind of demented housewife?

(Laughs) That character was drawn from myself. The times that I was unemployed and depressed and I'd get up in the morning and my aim was maybe to get dressed, I'd have things to do. But I'd get distracted for the rest of the day. And I'd end up doing, well, nothing but millions of things. Insignificant things like schlepping furniture up and down, making lists, cleaning, changing lightbulbs. Failing in the normal things like cooking or getting dressed. But then, I'd find humour in that because I'd look at myself and step away from it and think, my God, this woman's crazy. The flat eventually looked wonderful. The script came from stepping back and looking in at the things I do when I'm alone and thinking, Jesus, it's bad. The manic side of me is I move furniture around my flat - which I realised was odd, but I enjoyed it. So I got this idea for *Angel Delight* about this woman who's trapped inside her flat and her obsessive nature which distracts her. It's a sad story actually. A lot of my friends saw it and said, wow, that's so sad.

I thought most of it was funny. I mean, let's face it, you're funny. Is it the way you look?

It's my face. No, I don't think I'm that funny, it's just that I'm not classical or regular looking. Something about the way I look doesn't add up. But I look at Almodovar's films and think his actresses also look like they don't add up. That's really what the ordinary person is, not some classical creature. The ordinary person isn't going to be on the cover of *Vogue*. In South Africa they seem to go for the conventional look. I often get boxed into the "nerd" selection. They're afraid of anyone interesting and otherwise. Anyway, *Angel Delight* was a real breakthrough - I could appear in the film as myself. I wasn't hiding behind any mask... It was a voyeuristic kind of thing.

curl up and fly

How was Curl Up and Dye received in Edinburgh?

It was weird because there we were and we went onto stage and the audience was dead, they didn't laugh. To them this was serious. I kept thinking oh my God what's happening, but we pushed on and at the end they gave us a standing ovation.

I suppose generating your own work is more personal? I mean the security thing - if it bombs then it's you that's fucking out as a person?

I'm just about at the end of my tether in terms of creation at the moment. Because you're always on the line, there's no one else to blame. On the other hand, I can be more choosy now. Because I'm not going to choose work I don't believe in.

Was it necessary to study drama? Don't we need a repertory system instead?

I think you need to learn a couple of basics and the discipline, but it's still mainly instinct. A rep would be like the ideal situation. I'd really like to be involved with a company. The cast of *Curl Up And Dye* were a kind of company that worked together for three years. I yearn for that situation.

the world according to millie

Was writing *Another Kettle of Fish* the same process as *Curl Up and Dye*? Going out and speaking to people or to someone in specific in Yeoville?

Yes, but more to a specific category, and that was elderly women. And again it became a personal sort of thing because I went back to my family and my mother. My mother was a lot older than my peers' mothers and she kind of joked about her age and so did I. It's a tribute to my mother - she died about three years ago. We were very close and there's an enormous longing that she could see this play.

What keeps Millie going?

This woman is not going to give up until she dies. She talks about dying a lot but the focus has shifted. I think that's what happens as you get older - your focus becomes far more introspective. Tiny things in life like bunions or a French door carry the same weight as a world war. The play moves away from a naturalistic structure in a sense. It's more a portrait than a play.

Millie Maisel's standing in a post office queue. Why the post office?

That was definitely DJ's idea (her husband of five years). I wanted to write a specific story about a specific character but I didn't know where. His mother had been having difficulty with the post office and he kind of realised that she lives her life through the post and when letters stopped coming she felt cut off.

so low

And doing the one-woman thing?

It's been strange for me as an actor to do a solo performance. It's been lonely - which has highlighted the kind of loneliness of the character. I toured to Cape Town, PE on my own. Just the discipline of going into the theatre every night and leaving and there's no one to talk about the performance every night. You examine everything yourself. It's been a huge challenge.

Why do we have so few new scripts now?

I don't think we're short of scripts, we're short of good scripts. There's not much time and care because of wanting to make money. You might do a TV short instead because you know you'll be paid. As opposed to spending five to eight months on a piece of theatre which you possibly won't make any money on. It's time out. I see those months as an investment. Hopefully you'll get commercials or something that will sponsor that time.

Does it make you angry, not being offered the regular roles.

It makes me very angry. I mean I'm a thirtysomething playing a seventysomething. But I want to play this character and I feel this woman, it's weird it's like a schizophrenic thing. It still makes no sense to me. Sometimes after a show I think what am I DOING playing a 77-year-old. It makes no sense to me and then again it does make sense to me. But I still don't know why I don't get offered roles. Maybe it's a test because as soon as I'm out of work I panic and then I have to write something.

while rome burns

Is *Another Kettle of Fish* another comedy?

I think it's more serious. I'd like them to laugh more. SHE'S funny, she laughs, she's got this black sense of humour, it's wicked, it's often nasty. I mean my mother laughed at her bunions, she laughs at her bunions, I laugh at her bunions. I think there's a preciousness because in this country old age has always been portrayed as a serious thing. It's a cliché - old women with walking sticks. I mean, Millie Maisel's sensual - she wears a gold lurex top with a flowery cap. She's completely fantastic. You want to do tea with her. She's incredibly spunky. I hope to be like that when I'm old. You grow old but it's absolutely a state of mind. I don't wanna be put away, I don't want to put my clothes away. I wear the clothes I bought for Millie myself. I buy clothes from the benevolent.

And making comedy while Rome burns?

For me comedy is the only real way into an audience. I think the minute you laugh you open your soul and absorb. Then you can go home and chew. If you're bombarded then you just close up.

Your new project is another black comedy?

Yeeees. Crying and laughter sit on the same sort of court for me, it's the same place. My new play's in rehearsal at the moment - we're doing it at the Laboratory. It's a ballroom dancing story - the life behind ballroom dancers.

Isn't there the creeping fear of living in South Africa right now? That, after all, the violence is going to defeat the kind of hope of the past two years?

It's certainly becoming serious and there's a very definite fear and one wants to block it out and not deal with it. I don't want to run away from it, but the minute it starts trapping you and you can't walk in the streets any more, then it's bad. Where do you go? There's also the fear of being alone and growing old, but Millie Maisel carries on. At no point do you collapse. Smile, make jokes, laugh, it's all going to be OK. I suppose that's my philosophy.

pic: SALLY SHORKEND

fear and bunions *in Johannesburg*

PLANT 'N BOOM

Die bergvaalbos *(Brachylaena rotundata)*. Uit: Trees and *Shrubs of the Witwatersrand*, Wits University Press, 1974

NIE alle bome hou daarvan om in koel, klam klowe te groei nie. Daar is dié wat verkies om hoog en droog op die berge en rante te groei waar die wind en weer hulle behoorlik kan bykom. Hier dink 'n mens veral aan die geharde bergvaalbos *(Brachylaena rotundata)* wat so gehawend en silwer tussen die klippe op die Hoëveldse kwartsietrante en die Magaliesberg gedy.

Daar is baie mooi voorbeelde van dié bome aan die noordelike hang van op Langermannkop en Linksfield Ridge in Johannesburg.

Die bergvaalbos (Eng: Mountain silver oak of Transvaal silver tree) is 'n struik of kleinerige boompie van tussen 3 en 8 meter hoog met slanke, ietwat neerhangende takke. Dié boom is meestal immergroen (immervaal?), hoewel dit in die kouer dele, soos die Witwatersrand, soms bladwisselend is. Die bas is swart en gegroef. Die nuwe lote is bros en met sagte, wit haartjies bedek. Die geslagte is op afsonderlike bome.

Die taai, leeragtig en aromatiese blare van die bergvaalbos is vaalgroen bo met 'n dik, wit, viltagtige bedekking onder. Die jong blare aan die nuwe lote is bo en onder met dieselfde vilt bedek en het dikwels 'n pienkerige skynsel.

Die blomhofies word in die vroeglente in digte bolronde groepe gedra: die manlike blomme is helder lemmetjiegeel, die vroulike blomme bleekgeel.

Die vrug is 'n klein neutjie van so 5 mm lank met 'n wit haarpluis (pappus) aan die bopunt.

Dié bergvaalbos, een van die min bome wat aan die madeliefiefamilie behoort, kan die ergste ryp, droogte, rukwinde en veldbrande oorleef. Hoewel die bergvaalbos ten beste lyk asof dit pas deur demoina getref is - windverwaai en slordig - is dit sekerlik nie genoeg rede om dié silwerboom uit jou persoonlike paradys te hou nie. - RYK HATTINGH

FYNPROE MET NETTIE PIKEUR

VAL UIT 'N VYEBOOM

en maak van der hum-poeding daarby

TOE die son nou die aand vlamrooi oor Bantrybaai sak vertel vrind Marthinus my weer van Etienne en die vyeboom. Dis nou vyetyd, en ons pluk en steel en bedel net waar ons kan. ('n Mens wat geld betaal vir 'n vy is laf, tensy dit keurig volgens ouma se resep in 'n glasflessie in stroop ingemaak is.)

Dit kom van jare gelede, dié storie oor Etienne en die vyeboom, maar met die gruweldade-dopery op Stellenbosse koshuise wat nou so in die nuus staan (Mies Pikeur het self daar deurgeloop, en ene mejuffrou Jansen gaan ek nog eendag met arseen bykom), vertel ek en Marthinus vir mekaar ou jeugverhale. Hy het twee grade in filosofie; myne staan as 'n Lanzerac-graad bekend.

